ITRW124	Programmering I	ITRW112 OF ITRW115	12
ITRW212	Programmering II	ITRW124	16
ITRW213	Stelselontleding 1	ITRW123 OF ITRW124	16
ITRW222	Datastrukture en algoritmes	ITRW212	16
ITRW225	Stelselontleding en -ontwerp II	ITRW213	16
ITRW311	Databassise I	ITRW222 OF ITRW225	16
ITRW316	Bedryfstelsels	ITRW222	16
ITRW321	Databassise II	ITRW311	16
ITRW322	Rekenaarnetwerke	ITRW316	16
IURI222	Arbeidsreg		12
KCOM112	Inleiding tot Kommunikasiekontekste		12
KCOM122	Inleiding tot Korporatiewe Kommunikasie		12
LAPP111	Taalgebruik vir die praktyk I (praktiese toepassing: teksredaksie)	G.13.1.15	12
LAPP121	Taalgebruik vir die praktyk II (praktiese toepassing: vertaling)	LAPP111 (40)	12
LARM111	Inleiding tot Werksplekverhoudinge		12
LARM211	Beroepsbestuur		16
LARM221	Werkgroepdinamika		16
LARM311	Teorie en praktyk van Arbeidsverhoudinge		16
LARM321	Bestuur van Arbeidsverhoudinge		16
LARM322	Konflikbestuur		16
LNTP271	Leer vir voedingpraktyk II	NUTB111 NUTB112 NUTB121	12
LNTP371	Leer vir voedingpraktyk III	NUTB211 NUTC221 NUTF221 LNTP271	16
MBWA112	Funksionele Anatomie		12

MBWA122	Toegepaste Anatomie	MBWA112 (40)	12
MBWK112	Motoriese Leer		12
MBWK114	Sportorganisasie en –administrasie		12
MBWK216	Biomechanika		8
MBWK217	Sportbeserings	MBWA112 (40)	8
MBWK218	Inleiding tot Sportbeserings		8
MBWK219	Sport- en Oefenfisiologie I		8
MBWK223	Kinantropometrie	MBWA112 (40) OF MBXR114	8
MBWK225	Sport- en Oefenfisiologie II	MBWK219 (40)	8
MBWK226	Sport- en Oefensigologie		8
MBWK315	Toegepaste Oefenfisiologie	MBWK225 (40)	16
MBWK316	Biokinetika		16
MBWK324	Navorsingsmetodologie		16
MBWK325	Toegepaste Oefenkundepraktik	MBWK315 (40)	16
MBXA124 OF MBXC124 OF MBXR124 OF MBXS124	Spelvaardigheidsontwikkeling in Atletiek OF Krieket OF Rugby OF Sokker		12
MBXA211 OF MBXN211 OF MBXS211 OF MBXT211	Afrigtingskunde in Atletiek OF Netbal OF Swem OF Tennis		8
MBXA225 OF MBXC225 OF MBXR225 OF MBXS225	Spelvaardigheidstoepassing in Atletiek OF Krieket OF Rugby OF Sokker		16
MBXA324 OF MBXC324 OF MBXR324 OF MBXS324	Afrigtingskunde Praktik in Atletiek OF Krieket OF Rugby OF Sokker		32

MBXG114	Afrigtingskunde in Gholf		8
MBXG221 OF MBXH221 OF MBXK221 OF MBXR221	Afrigtingskunde in Gimnastiek OF Hokkie OF Krieket OF Rugby		8
MBXK124	Generiese Sportafrigtingskunde		12
MBXR112	Supplementasie en Ergogeniese middels		12
MBXR114	Basiese Anatomie en Energiesisteme		12
MBXR214	Sportfisiologie in Praktyk		8
MBXR216	Spelanalises en -voorbereiding		16
MBXR217	Sportbestuur		8
MBXR218	Sportkommersialisering, Sportontwikkeling en Sportreg		16
MBXR219	Sportorganisasie en -administrasie		8
MKBN121	Mikrobiologie vir Verpleegkunde		12
MKBX213	Mikrobiologie vir Voedsel en Voeding		8
MKPN111	Mikrobiologie vir Farmasie		12
MKPN211	Mikrobiologie vir Farmasie		8
NFSY311	Voeding en voedsel sekuriteit	NUTB211 NUTC221	16
NPCM471	Voedingpraktyk vir gemeenskappe	Alle vorige modules	24
NPPM471	Voedingbeleid, programmering en bestuur		24
NPRG321	Voedingprogrammering	NUTC221 NUTB311 NFSY311	16
NTPH411	Voeding in publieke gesondheid	Alle vorige modules	16
NUTB111	Inleiding tot die professies	Geen	12
NUTB112	Inleiding tot voeding	Geen	12
NUTB121	Nutriënte	NUTB112	12
NUTB211	Voeding tydens die lewensiklus	NUTB112 NUTB121	16
NUTB311	Voeding: lewenstylsiektestoestande vir voeding	FLGX113 FLGX213 VOED211 OF NUTB121  BCHF215 OF	24

		BCHN213 OF FLGX224	
NUTC221	Inleiding tot gemeenskapsvoeding	NUTB112 NUTB121 NUTB211	8
NUTC321	Gemeenskapsvoeding	NUTB112 NUTB121 NUTB211 NUTC221	8
NUTC471	Gemeenskapvoedingpraktyk	Alle vorige modules	32
NUTF221	Voedseldiensbestuur: Aspekte van bestuur	NUTB211	12
NUTF321	Voedseldiensbestuur: Sisteme en grootskaalse produksie	NUTF221	16
NUTF471	Voedseldiensbestuurpraktyk	Alle vorige modules	32
NUTP271	Voedingpraktyk II	NUTB111 NUTB112 NUTB121	12
NUTP371	Voedingpraktyk III	NUTB211 NUTC221 NUTF221 NUTP271	16
NUTR321	Voedingnavorsing metodologie	Geen	16
NUTR471	Voedingnavorsing	Alle vorige modules	32
NUTT311	Voeding: lewenstylsiekttetoestande vir dieetkunde	FLGX113 FLGX213 VOED211 OF NUTB121  BCHF215 OF BCHN213 OF FLGX224	24
NUTT321	Terapeutiese voeding	NUTB121 NUTB221 NUTT311 FLGX113 FLGX123 FLGX213  BCHF215 OF	24

		BCHN213	
NUTT322	Pediatriese terapeutiese voeding	NUTB121 NUTB221 NUTT311 FLGX113 FLGX123 FLGX213  BCHF215 OF BCHN213	8
NUTT471	Toegepaste terapeutiese voeding	Alle vorige modules	40
PSYC111	Inleiding tot Psigologie		12
PSYC121	Sosiale en gemeenskappsigologie		12
PSYC211	Ontwikkelingspsigologie		16
PSYC212	Persoonlikheidpsigologie		16
PSYC221	Positiewe Psigologie		16
PSYC311	Psigopatologie		16
PSYC312	Navorsing en Psigometrie		16
PSYC321	Basiese hulpverlening en etiese gedrag		16
PSYC322	Toegepaste Psigologie	Alle voorafgaande PSYC-modules moet geslaag wees	16
PUMA112	Grondslae van Openbare Bestuur		12
PUMA122	Lokus en fokus van Openbare Bestuur		12
PUMA212	Munisipale bestuur		16
PUMA222	Die regering en volhoubare ontwikkeling		16
PUMA624	Openbare prestasie- en projekbestuur		16
RKKX113	Inleiding tot Rekreasielkunde		12
RKKX123	Inleiding tot Buitelugrekreasiie		12
RKKX214	Rekreasie Leierskap		16
RKKX224	Toegepaste Rekreasie Praktyk		16
RKKX314	Professionele kwessies in Rekreasielkunde		16
RKKX315	Vryetydsfasilitering		16
RKKX324	Vryetydsprogrammering		16
RKKX325	Rekreasiebestuur		16
SANL112	Inleiding tot sleutelkonsepte in Sosiale Antropologie		12
SANL122	Inleiding tot temas in Sosiaal-antropologiese navorsing		12
SANL213	Mediese antropologie		16

SANL224	Die antropologie van ontwikkeling		16
SKRK111	Inleiding tot die Skryfkuns	G.13.1.12	12
SKRK121	Skryfkuns: die skryf van prosa	SKRK111	12
SKRK211	Skryfkuns: die skryf van poësie	SKRK111 SKRK121	16
SKRK221	Skryfkuns: die skryf van kinder- en jeugliteratuur	SKRK111 SKRK121	16
SOCL111	Inleiding tot Sosiologie: Basiese konsepte en temas		12
SOCL121	Inleiding tot Sosiologie: instellings en die Suid-Afrikaanse konteks		12
SOCL211	Sosiologie van ontwikkeling en sosiale probleme		16
SOCL221	Gesinssosiologie en groepdinamika		16
SOCL222	Mediese Sosiologie		16
SOCL311	Sosiale teorieë	SOCL111 SOCL121	16
SOCL312	Sosiale navorsingsmetodologie	SOCL111 SOCL121	16
SOCL321	Genderstudies		16
SOCL323	Godsdienssosiologie		16
SOCL327	Politieke Sosiologie		16
STTN111	Beskrywende Statistiek		12
STTN121	Inleidende statistiese inferensie I	STTN111	12
STTN124	Praktiese Statistiek	STTN111	12
TGWN222	Numeriese analise	WISN121	8
TMBP111	Inleiding tot Toerismebestuur		12
TMBP121	Inleiding tot Gasvryheidsbestuur		12
TMBP211	Toegepaste Toerismebestuur	BMAN121	16
TMBP221	Toerismebemarking		16
TMBP311	Volhoubare ekotoerismebestuur		16
TMBP312	Inleiding tot gebeurtenisbestuur		16
TMBP321	Wildplaasbestuur		16
TMBP322	Toegepaste gebeurtenisbestuur		16
VGHB117	Verbruikersgedrag		12
VGHB122	Ontwerpstudie		12
VGHB221	Verbruikersaankooppraktyke en hulpbronbestuur	VGHB122 (40)	16
VGHB311	Binneontwerp en Behuisung	VGHB221 (40)	24
VKLE114	Modegeskiedenis		12
VKLE214	Inleiding tot die Modebedryf	VKLE114 (40)	16

VKLE312	Tekstielkunde	VKLE214 (40) VGHB122 (40)	16
VKLE321	Modebedryf en psigososiale kleding-gedrag	VKLE312 (40)	16
VNDL311	Voeding: lewenstylsiektestoestande	FLGX113 (40) FLGX213 (40) VOED211  BCHF215 (40) OF BCHN213 (40) OF FLGX224	16
VOED122	Voedingstatus	Geen	12
VOED211	Nutriënte	VOED122	16
VOED221	Gesins- en gemeenskapsvoeding	VOED211	16
VOED323	Gevorderde voeding en voeding-navorsing	VNDL311	24
VPBB421	Gesondheidsdiensbestuursvaardighede		8
VPBP471	Gesondheidsdiensbestuurspraktyk		8*
VPEK311	Inleidende en Kliniese Psigiatriese Verpleegkunde		16
VPEP471	Psigiatriese Verpleegkunde praktyk		28*
VPER421	Psigiatriese Verpleegpraktykvoering		16
VPEV321	Psigiatriese vaardighede en metodes		16
VPFB121	Basiese behoeftes en professionele vaardighede		16
VPFI111	Inleiding tot Fundamentele Verpleegkunde		16
VPFP171	Fundamentele Verpleegpraktyk		12*
VPGI111	Inleiding tot Gemeenskaps-verpleegkunde		8
VPGO221	Omvattende Primère Gesondheidsorg		8
VPGP171	Gemeenskapsverpleegkunde praktyk		8*
VPGP271	Gemeenskapsverpleegkunde praktyk		12*
VPGP372	Gemeenskaps- en Psigiatriese Verpleegkunde praktyk		8*
VPGR111	Gemeenskapsverpleegkunde prosesse		8
VPGR211	Inleiding tot Primère Gesondheidsorg		8
VPGS311	Plattelandse en stedelike gemeenskapsgesondheid		8
VPGW211	Gesondheidsbevordering vir Verpleegkunde		8

VPLS371	Lewensstylverryking		8
VPLS471	Psigiatriese- en verpleegvaardighede en -metodes		8
VPNN323	Inleiding tot Verpleegnavorsing		8
VPNN411	Metodologie van Verpleegnavorsing		8
VPNP471	Verpleegnavorsing projek		8
VPPF411	Wetgewing en professionele praktykvoering		8
VPVA411	Gekompliseerde Verloskundige Verpleegkunde		16
VPVB321	Normale baring en gekompliseerde swangerskap		16
VPVI221	Inleidende Verloskundige Verpleegkunde en normale swangerskap		8
VPVN311	Normale neonaat, puerperium en ouerskap		8
VPVP371	Verloskundige Verpleegkunde praktyk		18*
VPVP471	Verloskundige Verpleegkunde praktyk		32*
VPWB211	Belemmerde gesondheidstatus en geringe ongesteldhede		16
VPWG221	Geringe ongesteldhede		16
VPWP271	Geringe ongesteldhede in praktyk		16*
VPXP371	Spesialisasie Verpleegkunde praktyk		16*
VPXS311	Spesialisasie Verpleegkunde		16
VPXS321	Spesialisasie Verpleegkunde		16
VVBG211	Inleiding tot Verbruikersgedrag		12
VVBG311	Verbruikersbesluitneming	VVBG211	16
VVBG321	Die Suid-Afrikaanse Verbruiker	VVBG311	16
VVDB313	Voedseldiensbestuur: Sisteme en grootskaalse produksie		16
VVDB324	Voedseldiensbestuur: Aspekte van bestuur		12
VVDL112	Voedsel		12
VVDL123	Plantaardige voedselgroepe en -sisteme	VVDL112 (40)	12
VVDL213	Dierlike voedselgroepe en -sisteme	VVDL123 (40)	16
VVDL324	Nuwe voedselproduksiekoppelingsprosesse	VVDL213 (40) VVDB313 (40)	16
WISN111	Inleidende Algebra en Analise I	G.13.1.16	12
WISN121	Inleidende Algebra en Analise II	WISN111	12
WISN211	Analise III	WISN121	8
WISN212	Lineêre Algebra I	WISN121	8

WISN221	Analise IV	WISN211	8
WISN222	Linieêre Algebra II	WISN212	8
WISN311	Reële analise I	WISN221	16
WISN312	Kombinatorika	WISN121	16
WISN321	Reële analise II	WISN311	16
WISN322	Algebraïese strukture	WISN121	16
WVES311	Toegepaste etiek: sake etiek, biomediese etiek, etiek van sport en rekreasie		12
WVGW221	Ken en verstaan die gesondheidswêreld	G.13.1.17	12
WVLS314	Mens en samelewing: kritiese perspektiewe op kontinuïteit en verandering		12
WVNS211	Verstaan die natuurlike wêreld		12
WVNS222	Lewe en Wêreld: Fundamentele kwessies in die Omgewingswetenskappe		12
WVNS223	Geskiedenis van die natuurweten- skappe		12
WVPS311	Beroepsetiek vir die Apteker		12
WVPS321	Beroepsetiek vir die Apteker		12

## G.14 MODULE UITKOMSTE

Die module-uitkomste van sekere skakelmodules uit ander fakulteite wat vir kurrikulums in Gesondheidswetenskappe bedoel is, verskyn ook in hierdie bundel. Ander skakelmodules word in die onderskeie Fakulteite se jaarboeke aangedui.

<b>Modulekode:</b> AGLA111	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5a(5) <b>Krediete:</b> 12		
<b>Titel:</b>	Inleiding tot Akademiese Geletterdheid			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module sal die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>basiese kennis van leerstrategieë, akademiese woordeskat en register asook die lees en skryf van akademiese tekste te demonstreer ten einde doeltreffend binne die akademiese omgewing te funksioneer;</li> <li>op gepaste wyse binne 'n akademiese omgewing effektief mondelings en skriftelik as individu en as lid van 'n groep te kan kommunikeer;</li> <li>basiese akademiese tekste te verstaan, interpreteer, evalueer en op koherente wyse toepaslike akademiese genres te kan skryf deur gebruik te maak van akkurate en toepaslike akademiese konvensies, en</li> <li>binne 'n etiese raamwerk akkuraat, vlot en toepaslik te kan luister, praat, lees, skryf en leer.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Toetse en werkstukke — gewig: 60%</li> <li>Semestereksem: 1x2 uur — gewig 40%</li> </ul>			
<b>Modulekode:</b> AGLA121	<b>Semester 1 &amp; 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5a(5) <b>Krediete:</b> 12		
<b>Titel:</b>	Akademiese Geletterdheid			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module sal die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>oor fundamentele kennis te beskik van toepaslike rekenaarprogramme, leer-, luister-, lees- en skryfstrategieë kan toepas, akademiese taalregister kan gebruik en akademiese tekste kan lees en te skryf, ten einde doeltreffend binne die akademiese omgewing te kan funksioneer;</li> <li>as 'n individu en as lid van 'n groep effektiel mondelings en skriftelik op 'n etiese verantwoordelike en toepaslike wyse kan kommunikeer in 'n akademiese omgewing;</li> <li>wetenskaplike inligting binne 'n verskeidenheid studiererreine as individu en in groepsverband kan soek en versamel, tekste kan ontleed, interpreteer, evalueer en op koherente wyse sintetiseer en oplossings voorstel in toepaslike akademiese genres deur gebruikmaking van linguistiese konvensies soos gebruik in formele taalregisters.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Toetse en werkstukke — gewig: 60%</li> <li>Semestereksem 1x2 uur — gewig 40%</li> </ul>			
<b>Modulekode:</b> ANAB111	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5a(5) <b>Krediete:</b> 16		
<b>Titel:</b>	Bewegingsanatomie			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>die regionale anatomie van die toraks, abdomen, pelvis, rug, onderste en boonste ledemate, kop en nek ten opsigte van die osteologie, gewrigte, spiere, bloedvoorsiening en -dreinering, senuwee-innervering asook limfdreinering kan beskryf, bespreek en diagrammaties voorstel; asook kliniese toepassing en gevalllestudies kan bespreek ten opsigte van die effek van enige gegewe toestand op die toepaslike anatomiese strukture sodat gesondheid bevorder, instandhou en herstel kan word.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 3 uur 1 : 1			
<b>Modulekode:</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5a(5)		

<b>ANAS122</b>		<b>Krediete: 12</b>		
<b>Titel:</b>	Sistemiese anatomie			
<b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>die makro-anatomie van die kardiopulmonale stelsel, gastrointestinale stelsel, urogenitale stelsel en sentrale senuweestelsel aan die hand van gevallestudies te bespreek ten einde kennis en begrip van die fundamentele rol van sistemiese anatomie in die Gesondheidswetenskappe te demonstreer sodat gesondheid bevorder, instandhou en herstel kan word.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds <b>Assesseringsmetodes:</b> Pk 1 x 3 uur 1 : 1				
<b>Modulekode:</b> <b>ANAV121</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5a(5)</b> <b>Krediete: 12</b>		
<b>Titel:</b>	Anatomie			
<b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>kennis en ingeligte insig van sleutelterme, konsepte, feite, beginsels en reëls van toepassing op diestrukturele anatomie van die kardiovaskuläre-, respiratoriese-, verterings-, urinäre- en voorplantingsstelsel;</li> <li>die vermoë om te onderskei tussen die normale anatomie en afwykings daarvan, die implikasies vir welstand en moontlike oplossing/intervensies om die helingsproses te ondersteun binne die gesondheidsoorgpraktyk</li> <li>op te tree as 'n onafhanklike individu en 'n interafhanklike lid van 'n groep (studie-, gesondheidspan), maak gepaste bydraes, (insluitende tegnologiese, media en relevante wetenskaplike bewyse), aanvaar medeverantwoordelikheid om die gestelde doelwitte te bereik en om verantwoordbaar te wees vir die uitkomste van die taak.</li> <li>moniteer eie leerproses, implementeer die gepaste leerstrategieë om leer te verbeter, bestuur bronre effektiel om die gestelde uitkomste te bereik.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 3 uur 1 : 1			
<b>Modulekode:</b> <b>BCDT311</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b> <b>Krediete: 12</b>		
<b>Titel:</b>	Biochemie vir Voeding			
<b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>Kennis te hê en 'n verstaan van biochemie, molekulêre biologie, genetika van voeding en siekte toestande waarin voeding 'n sleutelrol speel;</li> <li>Kennis te hê en 'n verstaan van biochemie, molekulêre biologie, genetika van spoornutriënte en -elemente en die geassosieerde tekort toestande</li> <li>Kennis te hê en 'n verstaan van biochemie, molekulêre biologie, genetika van xenobiotikum metabolisme en xenobiotikum se belang in voeding</li> <li>Vermoë om die gepaste procedures te selekteer en toe te pas om monsters vir biochemiese analises te verkry en die resultate daarvan korrek te interpreteer</li> <li>Sleutel aspekte van oorgeërfde metaboliese siektes;</li> <li>Sleutel aspekte van die epidemiologie, etiologie, kliniese kenmerke, patologie en basiese behandeling van siekte toestande</li> <li>Akkurate en samehorige geskrewe en verbale kommunikasie via opdragte/take wat getuig van die verstaan en respek vir intellektuele eiendom, kopiereg en reëls aangaande plagijsaat</li> <li>Aktiewe samewerking as 'n spanlid of as leier van 'n groep om 'n opdrag/taak af te handel en die gestelde uitkomste te bereik, aanvaar verantwoordelikheid vir eie leer en verantwoordelikheid vir die groep om die uitkomste te behaal.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids			

<b>Modulekode:</b> <b>BCHF215</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b> <b>Krediete: 16</b>		
<b>Titel:</b>	Biochemie vir Gesondheidswetenskappe			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om kennis te dra van:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• vloeい van genetiese inligting in die biosfeer;</li> <li>• struktuur van nukleïensure en nukleotiedanaloe;</li> <li>• struktuur van DNA en RNA;</li> <li>• DNA-replisering, -transkripsie en -translasie;</li> <li>• regulering van geenuitdrukking;</li> <li>• die rol van proteïene in die struktuur en funksie van die sel;</li> <li>• strukture en eienskappe van aminosure, peptide en proteïene;</li> <li>• struktuurfunksie-verwantskappe van proteïene;</li> <li>• basiese konsepte van immunologie.</li> </ul>				
<b>Metode van aflevering:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 3 uur			
<b>Modulekode:</b> <b>BCHG221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b> <b>Krediete: 16</b>		
<b>Titel:</b>	Kliniese Biochemie			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Oor genoegsame kennis, insig en vaardighede te beskik om die verband tussen abnormale biochemiese prosesse en siektetoestande volledig te kan omskryf;</li> <li>• kwalitatiewe en kwantitatiewe bio-analitiese inligting in die kliniese hantering van pasiënte te implementeer;</li> <li>• defekte orgaan- en endokrienwerking te kan evalueer as 'n funksie van veranderinge in protein-, ensiem- en hormoonprofiële; die verband tussen die dishomeostase van serum/plasma kalsium-, magnesium-, fosfaatvlakte en beenpatologie te kan bespreek;</li> <li>• kardiovaskulêre siektes te kan beskryf as die gevolge van die abnormale prosessering van lipide en lipoproteïene in die liggaaam en die biochemiese basis van oorerlike siektes en kongenitale afwykings te kan bespreek.</li> </ul>				
<b>Metode van aflevering:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 3 uur 40 : 60			
<b>Modulekode:</b> <b>BCHN222</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b> <b>Krediete: 16</b>		
<b>Titel:</b>	Kliniese Biochemie			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• substrate, produkte en rol van die drie fases van die metabolisme te kan weergee;</li> <li>• tussentydse elektrondraers kan beskryf en die rol van elk kan weergee;</li> <li>• die algemene struktuur van koolhidrate, lipide, aminosure en nukleotiede ken;</li> <li>• die prosesse betrokke by die katabolisme van koolhidrate, lipide, aminosure en nukleotiede kan beskryf;</li> <li>• die prosesse betrokke by die anabolisme van koolhidrate, lipide, aminosure en nukleotiede kan beskryf;</li> <li>• die rol van die Krebskiklus by die finale oksidasie van piruvaat en asetiel-KoA kan beskryf;</li> <li>• die rol van die elektronoordragketting by die opwekking van chemies-osmotiese potensiaal kan beskryf;</li> <li>• hipoteses vir oksidatiieve fosforilase kan beskryf en verdedig;</li> <li>• mechanismes van detoksifisering deur middel van Sitochroom-P<sub>450</sub> kan beskryf;</li> <li>• weefselspesifieke reaksies en die rol daarvan in die metabolisme kan beskryf;</li> <li>• 'n goeie begrip hê van die interafhanglikheid van die verskillende komponente van die metabolisme.</li> </ul>				
<b>Metode van aflevering:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 3 uur 40 : 60			

<b>Modulekode:</b> BLPS111	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5a(5) <b>Krediete:</b> 12		
<b>Titel:</b>	Dierparasitologie			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis te dra oor parasitiese besmettings in tropiese lande;</li> <li>• bepaalde parasitiese besmettings by pasiënte taksonomies in bepaalde groepe te kan plaas en identifiseer;</li> <li>• inligting te kan verskaf oor hoe mense besmet raak en watter voorkomingsmaatreëls toegepas moet word om herinfeksie te verhoed;</li> <li>• kennis te dra van die diere wat by wyse van 'n parasitiese leefwyse of as gifdier, die gesondheid van die mens beïnvloed.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>				
<b>Modulekode:</b> BLPS121	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5a(5) <b>Krediete:</b> 12		
<b>Titel:</b>	Medisinale Plantkunde			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die terminologie wat gebruik word by die beskrywing van plante, te ken asook geselekteerde morfologiese kenmerke van plante te kan identifiseer;</li> <li>• 'n begrip te toon vir die belang van plante vir die apteker deur: <ul style="list-style-type: none"> <li>◦ 'n grondige kennis te toon van geselekteerde plant-fisiologiese prosesse;</li> <li>◦ die verskillende tipes verbindings wat as genees-middels, of grondstowwe vir geneesmiddels wat in plante voorkom, te ken;</li> <li>◦ weet en kan toon op watter wyse hierdie verbindings deur plante geproduseer word;</li> <li>◦ die fisiologiese werking van hierdie verbindings te ken;</li> <li>◦ geselekteerde medisinale belangrike plantfamilies te ken ten opsigte van hul onderskeie taksonomiese kenmerke en farmaseutiese belang;</li> </ul> </li> <li>• 'n grondige begrip van etniese aspekte ter sprake te vertoon;</li> <li>• 'n waardering en respek vir die skepping en bewaring van die natuur te bekom.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>				

<b>Modulekode:</b> <b>BSWG111</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5a(5)</b> <b>Krediete: 12</b>		
<b>Titel:</b>	Inleiding tot maatskaplike werk as 'n professie			
<b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om kennis en begrip te demonstreer:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• van maatskaplike werk as 'n professie;</li> <li>• die verband tussen maatskaplike werk en maatskaplike welsyn;</li> <li>• die verwantskap tussen maatskaplike werk en ander dissипles; die intervensiemetodes van maatskaplike werk; en die maatskaplike diensleweringssytem.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 2 uur 1:1			
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG112</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5a(5)</b> <b>Krediete: 12</b>		
<b>Titel:</b>	Menslike gedrag in die maatskaplike omgewing oor die lewensverloop			
<b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis en begrip te demonstreer van die normale/gesonde maatskaplike ontwikkeling van die mens oor sy/haar lewensverloop;</li> <li>• sy/haar kennis en begrip te kan demonstreer in die verskil tussen normale/gesonde en abnormal/ongesonde maatskaplike ontwikkeling;</li> <li>• kennis en begrip demonstreer van die maatskaplike omstandighede wat 'n bydrae lewer tot en 'n invloed uitoeft op menslike funksionering.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 2 uur 1:1			
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG113</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5a(5)</b> <b>Krediete: 12</b>		
<b>Titel:</b>	Inleiding tot professionele gedrag			
<b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis en begrip van die fasiliterende kwaliteite en eienskappe van professionaliteit in maatskaplike werk te demonstreer;</li> <li>• bedrewendheid in die toepassing van basiese interpersoonlike vaardighede in onderhoudsvoering openbaar.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 2 uur 1:1			
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG121</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5a(5)</b> <b>Krediete: 12</b>		
<b>Titel:</b>	Lewensvaardighede en berading			
<b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis en begrip van lewensvaardighede as 'n primêre, sekondêre en tersiêre voorkomingsmeganisme te demonstreer;</li> <li>• bedrewendheid in die ontwerp en implementering van lewensvaardigheidsprogramme te openbaar.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 2 uur 1:1			
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG122</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5a(5)</b> <b>Krediete: 12</b>		
<b>Titel:</b>	Die wese van maatskaplike ontwikkeling			
<b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis en begrip te demonstreer van maatskaplike ontwikkeling as 'n benadering in maatskaplike werk;</li> </ul>				

- |  |
|--|
| • te kan beskryf hoe maatskaplike ontwikkeling deur maatskaplike werk tot stand kom; |
| • die aard van maatskaplike ontwikkelingsdienste in Suid-Afrika kan verduidelik.     |
- te kan beskryf hoe maatskaplike ontwikkeling deur maatskaplike werk tot stand kom;
  - die aard van maatskaplike ontwikkelingsdienste in Suid-Afrika kan verduidelik.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 2 uur 1:1	
<b>Modulekode: BSWG211</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b> <b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Maatskaplike gevallewerk: teorie en praktyk	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- kennis en begrip van die aard van gevallewerk as metode in maatskaplike werk kan demonstreer;
- kennis en begrip van individuele- en gesinsintervensie-prosesse kan demonstreer;
- kennis en begrip van onderhoudsvoering, sowel as van die vermoë om vir die onderhoud voor te berei, kan demonstreer;
- oor die vermoë beskik om die waardes, etiese beginsels en wetlike verpligtinge verbonde aan maatskaplike gevallewerk toe te pas;
- oor die vermoë beskik om professionele gedrag, soos bepaal deur die etiese kode vir Suid-Afrikaanse maatskaplike werkers, te evaluateer;
- oor die vermoë beskik om etiese besluite te neem en sy/haar keuses te motiveer;
- oor die vermoë beskik om maatskaplike gevallewerk-verslae te kan skryf.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
<b>Modulekode: BSWG212</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b> <b>Krediete: 8</b>
<b>Titel:</b>	Kindersorgwetgewing en verbandhoudende maatskaplikewerk-intervensies	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- kan onderskei tussen die voorkomende kindgesentreerde dienste, vroeë intervensie-strategieë, statutêre dienslewering en 'n kontinuum van maatskaplikewerk-dienste wat in Suid Afrika aan kinders gelewer word;
- dienste en operasionele strategieë vir kinders en jeugdiges in die gemeenskap kan identifiseer, analiseer en beskryf en dit in belang van kinders en jeugdiges in die praktyk aan kan wend; en
- kennis en begrip kan demonstreer oor hoe om kinders volgens bepaalde wetgewing, etiese optrede, waardes en norme te beskerm en om dienste te beplan wat spesifiek op hulle behoeftes afgestem is

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
<b>Modulekode: BSWG213</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b> <b>Krediete: 8</b>
<b>Titel:</b>	Inleiding tot maatskaplike beleid, maatskaplike welsynsbeleid en maatskaplikewerfbeleid	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- begrip van die sleutelelemente, funksies, beginsels en die ontwikkeling van maatskaplike welsynsbeleid en die rol van die maatskaplike werker kan demonstreer; en
- begrip van die Suid-Afrikaanse welsynsisteem kan demonstreer

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
<b>Modulekode: BSWG221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b> <b>Krediete: 8</b>
<b>Titel:</b>	Maatskaplike groepwerk as 'n metode: teorie en praktyk	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- insig kan demonstreer van die rol van maatskaplike groepwerk as een van die metodes van maatskaplike werk;
- die groep as 'n holistiese sisteem kan verstaan;
- die waardes en beginsels van maatskaplike groepwerk kan identifiseer en demonstreer hoe hierdie waardes en beginsels in die praktyk toegepas kan word;
- die verskillende soorte groepe in maatskaplike groepwerk kan evalueer;
- die verskillende take in die beplanning van maatskaplike groepwerk kan identifiseer;
- tussen die verskillende fases van die maatskaplike groepwerkproses en die rolle van die maatskaplike werker tydens elkeen, kan onderskei (horizontale en vertikale benadering)
- hierdie fases tydens dienslewering aan 'n groep kan implementeer; en
- 'n voorstel kan skryf waardeur 'n instansie oorred word van die behoefte aan 'n groepwerk groep.

<b>Metode van aflevering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
<b>Modulekode:</b> BSWG222	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b> <b>Krediete: 8</b>
<b>Titel:</b>	Gemeenskapswerk as 'n metode: teorie en praktyk	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- sy/haar kennis van die aard en konteks van gemeenskapswerk en gemeenskaps-ontwikkeling kan demonstreer,
- vir hom/haarself 'n persoonlike diensleweringscredo – wat gebaseer is op die etiese beginsels van maatskaplike werk – *kan formuleer*,
- bepaalde gemeenskapswerkverwante vaardighede – wat insluit om in groepe saam te werk, praktyksituasies krities te analiseer, gedagtes skriftelik te formuleer en openbare voordragte kan maak – *toe kan pas en*
- vorige toepassings van die gemeenskapsopvoedingsmodel van gemeenskapswerk *kan evalueer* en aan die hand daarvan, asook sy/haar nuut verworwe kennis en insig, riglyne vir die verbeterde toepassing daarvan *kan formuleer*.

<b>Metode van aflevering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
<b>Modulekode:</b> BSWG223	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b> <b>Krediete: 8</b>
<b>Titel:</b>	Basiese beginsels van maatskaplikewerkbestuur	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- deeglike kennis van die bestursproses kan demonstreer;
- bestuurstrategieë effektiief kan selekteer en toepas; en
- die rolle en funksies van bestuur kan toepas

<b>Metode van aflevering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
<b>Modulekode:</b> BSWG224	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b> <b>Krediete: 8</b>
<b>Titel:</b>	Menseregte en maatskaplike geregtigheid	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- die konsep 'menseregte' kan verduidelik;
- die konsepte 'maatskaplike geregtigheid' en 'maatskaplike ongeregtigheid' kan bespreek;
- kan verduidelik hoe die doelstellings van maatskaplike werk binne die raamwerk van maatskaplike geregtigheid inpas;
- die artikels toepaslik vir maatskaplike werk in die relevante Verenigde Nasies dokumentasie kan identifiseer;
- die konsep van menseregte soos vervat in die Handves van Menseregte en beskryf in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, in maatskaplike werk kan toepas; en

<ul style="list-style-type: none"> <li>die missie en funksies van die Menseregtekommissie kan beskryf.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>				
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG311</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b> <b>Krediete: 8</b>		
<b>Titel:</b>	Benaderings, teorieë en modelle in maatskaplike werk			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>kan verduidelik hoe die kennisbasis van maatskaplike werk saamgestel is;</li> <li>'n goeie begrip van die kennisbasis van die verskillende benaderings en modelle in maatskaplike werk kan demonstreer;</li> <li>kan onderskei tussen die verskillende soorte teorieë, modelle en benaderings in maatskaplike werk; en</li> <li>die teoretiese basis en aard van die sekere benaderings en modelle kan beskryf.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>				
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG312</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b> <b>Krediete: 12</b>		
<b>Titel:</b>	Gevorderde maatskaplike gevallerwerk: teorie en praktyk			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>weerstand by kliënte kan hanteer;</li> <li>'n ekosistemiese assessorering van die kliënt en sy omgewing kan doen;</li> <li>relevante tegnieke met individue en hul omgewings toe kan pas;</li> <li>die evaluerings- en assessoringsinstrumente in mikro-praktyk/kliniese maatskaplike werk kan gebruik; en</li> <li>die modelle en benaderings in sy praktyk kan toepas</li> </ul>				
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>				
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG313</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b> <b>Krediete: 12</b>		
<b>Titel:</b>	Gevorderde gemeenskapswerk: teorie en praktyk			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>sy/haar kennis en insig van die aard en veral toepassing van gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling <i>kan demonstreer</i>;</li> <li>bepaalde gemeenskapswerkverwante vaardighede <i>toe kan pas</i> – wat insluit om in groepe saam te werk, praktyksituasies krities te analiseer, beplande gemeenskapswerkoptrede skriftelik te formuleer en openbare voordragte kan maak; en</li> <li>een of meer van die vyf gemeenskapswerkmodelle (in die vorm van praktyknabooatings) <i>kan toepas</i>.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>				
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG321</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b> <b>Krediete: 12</b>		
<b>Titel:</b>	Gevorderde maatskaplike groepwerk: teorie en praktyk			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>sy/haar bevoegdheid kan demonstreer deur die verskillende modelle en teorieë in maatskaplike groepwerk van mekaar te onderskei, te evaluateer en toe te pas;</li> <li>maatskaplike groepwerk intervensies kan beplan en toepas;</li> <li>die verskillende leierskapsrolle en vaardighede van die maatskaplike werker kan onderskei en in die praktyk kan toepas;</li> </ul>				

- die vaardigheid kan demonstreer om met verskillende tipes gedragswyses in 'n groep te handel;
- kan demonstreer hoe diversiteit in 'n groep hanteer sal word;
- die noodsaaklikheid van evaluering en meting in maatskaplike groepwerk kan bewys en 'n eie evaluatingsraamwerk saam kan stel;
- 'n maatskaplike groepwerk projek kan evalueer; en
- 'n maatskaplike groepwerk projek van ses byeenkomste aan kan bied.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
<b>Modulekode:</b> BSWG322	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 6(7) <b>Krediete:</b> 16
<b>Titel:</b>	Maatskaplike werk met gesinne en kinders: konsepte en vaardighede vir effektiewe dienslewering	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- die nodige vaardighede en tegnieke in huweliksbegeleiding en –berading kan identifiseer;
- 'n kohorente en kritiese begrip van huweliksprobleme hê;
- 'n indiepe en sistematiese kennisbasis waarbinne met kinders gewerk word, kan formuleer en motiveer;
- die vereistes waaraan 'n maatskaplike werker wat met kinders werk moet beantwoord, kan verduidelik;
- die toepaslike vaardighede en tegnieke om kinders kan hanteer, te selekteer; en
- met sensitiwiteit en empatie teenoor kliënte kan optree.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
<b>Modulekode:</b> BSWG323	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 6(7) <b>Krediete:</b> 12
<b>Titel:</b>	Gevorderde maatskaplike beleid, maatskaplike welsynsbeleid en maatskaplikewerkbeleid	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- die voorsiening van welsynsdienste in Suid-Afrika krities kan beoordeel;
- maatskaplike bestaansbeveiliging in Suid-Afrika krities kan beoordeel; en
- die huidige status en posisie van die maatskaplikewerk-professie binne die Suid-Afrikaanse konteks krities kan beoordeel.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
<b>Modulekode:</b> BSWG411	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 7(8) <b>Krediete:</b> 16
<b>Titel:</b>	Misdaad en forensiese maatskaplike werk (PK & VDK)	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module behoort die student:

- die maatskaplike werker se plek in die reg en in die hof te verstaan en kan verduidelik;
- die voordele van spesialis opleiding in maatskaplike werk kan bespreek;
- die verskillende howe in Suid-Afrika kan bespreek en die hele hofsisteem en -prosedures kan verduidelik;
- die hele verloop van die kriminele hof prosedure kan verduidelik;
- die beginsels van bewysreg asook die vereistes van 'n deskundige in die hof kan bespreek en verduidelik;
- die artikels van die Strafproseswet, Wet 51 van 1977 wat van toepassing is op die maatskaplike werker ken en kan toepas;
- die verskillende strafteorieë en die verskillende strafvorme kan verduidelik;
- egskeiding in Suid-Afrika, in samehang met die nodige wetgewing, in perspektief kan plaas; en
- verskillende verslae (insluitende voorvonnisverslae; en ouerskapsplanne) aan die hof kan voorsien.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>						
<b>Modulekode:</b> BSWG413	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 7(8) <b>Krediete:</b> 8				
<b>Titel:</b>	Maatskaplike werk in sekondêre opsette (PK & VDK)					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>die psigosiale aspekte van gesondheid, siekte en gestremdheid kan bespreek.</li> <li>die emosionele reaksies van 'n gestremdheid kan bespreek.</li> <li>die houding, waardes en etiek van gesondheidswerkers verstaan.</li> <li>psigosiale probleme in geselekteerde gesondheidstoestande, siektes en gestremdhede kan bespreek; en</li> <li>die verskillende psigosiale intervensies kan bespreek.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>						
<b>Modulekode:</b> BSWG414	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 7(8) <b>Krediete:</b> 8				
<b>Titel:</b>	Maatskaplike werkdienste aan spesifieke kliëntsisteme (PK & VDK)					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>die kenmerke en probleme van bejaardes kan identifiseer;</li> <li>maatskaplike beleid en wetgewing rakende bejaardheid kan interpreteer;</li> <li>beskikbare hulpmiddels, fasilitete, dienste, programme en projekte rakende bejaardes kan identifiseer;</li> <li>die verskynsel van MIV en Vigs verstaan;</li> <li>die teorieë van MIV en Vigs kan beskryf;</li> <li>die maatskaplike beleid en wetgewing rakende MIV en Vigs kan interpreteer;</li> <li>die beskikbare hulpbronne, fasilitete, dienste, programme en projekte rakende MIV en Vigs kan identifiseer;</li> <li>armoede as universele verskynsel kan omlyn en die teorieë onderliggend aan die verskynsel analiseer;</li> <li>die oorsake en gevolge van armoede kan identifiseer en analiseer;</li> <li>die maatskaplike beleid en wetgewing rakende armoede kan interpreteer;</li> <li>beskikbare hulpbronne, fasilitete, dienste, programme en projekte rakende armoede kan identifiseer;</li> <li>die verskillende vorme van gestremdheid kan identifiseer;</li> <li>die maatskaplike beleid en wetgewing wat op gestremdheid betrekking het, kan interpreteer; en</li> <li>die beskikbare hulpbronne, fasilitete, dienste, programme en projekte rakende gestremdheid kan identifiseer.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>						
<b>Modulekode:</b> BSWG415	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 7(8) <b>Krediete:</b> 12				
<b>Titel:</b>	Gesins- en kinderterapie					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>die konsep 'gesin' verstaan en sy/haar persoonlike en professionele waardes en etiese standarde daaromtrent kan vorm.</li> <li>die kompleksiteit waarbinne gesinne funksioneer kan bespreek.</li> <li>die gesin binne die totale familiesisteem kan eksplorere en assesseer.</li> <li>die gesinssisteem se funksionering kan analiseer en die gesin se sterktes en areas waar daar groei moet plaasvind, kan identifiseer</li> <li>praktyk bewese ('evidence-based') gesinsintervensie kan selekteer en beplan</li> </ul>						

- assessering en intervensie met mekaar in verband kan stel
- die teoretiese perspektiewe waarbinne kinders hanteer word, kan evalueer en die toepaslikheid daarvan kan verduidelik.
- die basis van spelterapie volgens die Gestalt en Rationale Emotiewe Terapie (RET) uiteen kan sit en kan verduidelik;
- kan aandui hoe 'n terapeutiese verhouding met die kind, wat op bepaalde beginsels gebaseer is, geskep kan word;
- die verskillende tegnieke/hulpmiddels van elke spelvorm kan verduidelik en elk in terme van die bruikbaarheid daarvan kan evalueer;
- die ontwikkeling van fantasie by kinders en die doel daarvan kan verduidelik;
- kan beskryf hoe die maatskaplike werker kommunikasie met die kind kan verbeter;
- kan verduidelik hoe verlies en trauma die kind se gedrag kan affekteer, en oplossings daarvoor aan die hand doen;
- die speleegnieke in assessering van seksueel misbruikte kinders kan verduidelik en aanwend;
- die redes waarom kinders nie die seksuele misbruik aanmeld nie, kan verduidelik en te faciliteer; en
- die probleme waarmee maatskaplike werkers wat met kinders werk te doen kry, kan beskryf enoorbrug.

**Metode van aflewering:** Voltyds

**Assesseringsmetodes:**

<b>Modulekode:</b> BSWG416	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 7(8) <b>Krediete:</b> 8
<b>Titel:</b>	Maatskaplikewerk-intervensies rakende substans misbruik en afhanklikheid	

#### **Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- substansmisbruik as globale probleem, met spesifieke verwysing na die konteks van Afrika en die situasie in Suid-Afrika, verstaan;
- die verskillende programme en strategieë van die privaat en openbare sektore verstaan en in die stryd teen substansmisbruik en -afhanklikheid kan benut;
- kundigheid kan demonstreer rakende dienslewering aan verskillende slagoffers van substansmisbruik insluitende: alkoholiste, persone afhanklik van ander afhanklikheidsvormende stowwe, jeugdiges, vroue en ouer persone;
- 'n verskeidenheid van programme van 'n voorkomende aard kan beplan en professioneel uitvoer;
- vroeë intervensie en ander vorme van behandeling van die slagoffers van substansmisbruik en hulle gesinne kan implementeer;
- bestaande dienste en gemeenskapshulpbronne op 'n professionele wyse en in die beste belang van die slagoffer van substansmisbruik en hulle gesinne, kan identifiseer, eksplorieer en ontwikkel;
- binne die waardes en etiese kode van maatskaplike werk, korrek op kan tree;
- deurlopend 'n kliëntgesentreerde benadering in alle maatskaplikewerk-insette rakende substansmisbruik kan volg;
- die interpersoonlike vaardighede wat vereis word vir dienslewering binne 'n multidissiplinêre opset, bemeester; en
- sy/haar kennis rakende substansmisbruik kan toepas en hierdie kennis op 'n wetenskaplike wyse kan kommunikeer.

**Metode van aflewering:** Voltyds

<b>Modulekode:</b> BSWG417	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 7(8) <b>Krediete:</b> 8
<b>Titel:</b>	Diversiteit in maatskaplike werk	

#### **Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- die teoretiese raamwerk waarbinne multikulturele maatskaplike werk onderneem word, kan

- verduidelik;
- die konstrukte wat met kultuur en kulturele bekwaamheid verband hou, kan verduidelike en motiveer;
  - met sensitiwiteit en empatie teenoor verskillende kliënte op kan tree en elk vanuit selfbegrip en openheid kan hanteer;
  - persoonlike voorkeure identifiseer en voorkom dat eie waardes en norme op kliënte afgeforseer word;
  - teenoor faktore soos diskriminasie kan veg en etiese beginsels in die praktyk kan toepas;
  - teoretiese konsepte rakende diversiteit in die maatskaplike werkpraktyk kan toepas;
  - van kultureel gedefinieerde gedragspatrone gebruik kan maak ten einde 'n suksesvolle diens in die gemeenskap te lewer;
  - kritieke maatskaplike kwessies en die instandhouding daarvan bevraagteken, die moontlike negatiewe effek daarvan uitwys en oplossings daarvoor voorstel;
  - strategieë om onbillike praktekte te beeindig kan voorstel en aanwend
  - kennis en vaardighede in die multikulturele maatskaplike-werkpraktyk kan aanwend;
  - realistiese doelwitte rakende 'n diverse kliëntsisteem kan daarstel en die bes moontlike diens binne diverse gemeenskappe kan voorseen; en
  - met waardigheid teenoor en vir alle moontlike kliënte optree.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
<b>Modulekode:</b> BSWG418	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7(8)</b> <b>Krediete: 8</b>
<b>Titel:</b>	Praktykbestuur in maatskaplike werk	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- die prosesse onderliggend aan die praktykbestuurproses kan beskryf, interpreteer en implementeer;
- die organisasie konteks kan verstaan;
- sy/haar eie werk en gevallelading op 'n professioneel verantwoordbare wyse kan bestuur; en
- die rol van supervisie in die maatskaplikewerk-praktyk krities kan evalueer.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
<b>Modulekode:</b> BSWG471	<b>Semester 1 &amp; 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7(8)</b> <b>Krediete: 48</b>
<b>Titel:</b>	Internskap (PK & VDK)	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- die praktykvereistes wat deur die universiteit en praktykorganisasies gestel word, verstaan en kan nakom;
- die praktykorganisasie waar die mini-internskap gedoen word asook die gemeenskaps-verband waarbinne dit funksioneer, ken, verstaan en kan benut;
- professionele-etiese oordeel aan die dag kan lê;
- die nodige maatskaplikewerkdienste aan die individu kan lewer;
- die nodige maatskaplike groepwerkdienste kan lewer;
- die nodige gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkelingsdienste kan lewer;
- die nodige praktykbestuursvaardighede kan toepas;
- 'n navorsingvoorstel kan saamstel;
- komunikasievaardighede kan demonstreer;
- insig kan toon in die hulpbronne ten opsigte van bestaansbeveiliging;
- insig kan toon in statutêre beleid en take asook die toepaslike vorms wat voltooi moet word;
- aan die vereistes van die SARMD kan voldoen;
- professionele-etiese oordeel aan die dag kan lê;
- netwerke kan opbou en binne 'n span kan saamwerk;

- die visie, missie en werksaamhede van 'n beroepsvereniging, asook die rol van vakbonde en professionele versekering begryp;
- die aansoek om 'n betrekking (insluitende die samestelling van 'n curriculum vitae) en die indiensnemingsprosedures kan hanteer;
- persoonlike behoeftes vir inskakeling in 'n nuwe gemeenskap en werksmilieu kan identifiseer;
- toesighouding (supervisie) sinvol kan benut;
- met die nodige professionaliteit binne 'n nuwe werksmilieu kan funksioneer;
- 'n koherente en kritiese begrip van maatskaplike probleme en die verskillende diensvelde van maatskaplike werk kan demonstreer;
- konkrete en abstrakte probleme en strydvrae met behulp van praktyk bewese oplossings en teorie gedrewe argumente kan hanteer;
- 'n omvattende kennis van hedendaagse maatskaplike vraagstukke en diensleweringsvelde kan demonstreer;
- sy/haar eie idees en menings op 'n gestruktureerde en professionele; wyse aan 'n gehoor kan aanbied; en
- die kwaliteit van sy/haar professionele mondering tydens 'n mondeling eksamen kan bewys.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>		
<b>Modulekode:</b> <b>BSWG472</b>	<b>Semester 1 &amp; 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7(8)</b> <b>Krediete: 24</b>
<b>Titel:</b>	Maatskaplikewerk-navorsing: teorie en toepassing	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- die konteks en praktyk van maatskaplikewerk-navorsing verstaan;
- die navorsingsproses, insluitende die voorondersoek, steekproeftrekking, navorsings-ontwerp, modelle en prosedures begryp;
- liggaam die indringing van virusse en bakterieë, en ook die vorming van kankerselle beveg;
- kennis te hê van koagulasie van bloed en die mekanisme om bloedverlies te beperk (bloedverlies mag die liggaam se voortbestaan bedreig);
  - die waarde wat kennis van die fisiologiese verdedigingsmeganismes vir menslike gesondheid het te kan motiveer en die relevante fisiologiese verdedigingsmeganisme-probleme op 'n geïntegreerde wyse te kan beredeneer en op te los.

<b>Metode van aflatewing:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 2 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> FLGX224	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b> <b>Krediete: 8</b>
<b>Titel:</b>	Metabolisme	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- die rol van Adenosientrifosfaat (ATP), energie bronne en metaboliese tempo te kan bespreek;
- diagramme en skeematische voorstellings van die belangrikste metaboliese weë soos glikogenese, glikogenolise, glukose, Krebs-siklus en oksidatiewe fosforilering kan teken en verduidelik;
- oor aspekte van koolhidraat-, lipied- en proteïen-metabolisme kan kommunikeer;
- die eienskappe, oorsake en gevolge van metaboliese afwykings soos ketose en aterosklerose te kan bespreek.

<b>Metode van aflatewing:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 2 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> FLGX312	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b> <b>Krediete: 8</b>
<b>Titel:</b>	Uitskeiding	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- die fisiologiese anatomie van die nier te bespreek, kennis hê van die prosesse van urienvorming, die mikturisie refleks asook die samestelling van uriene;
- kennis te hê van die niere se rol in die handhawing van suur-basis ewewig (alkalose en asidose) in die liggaam, sowel as die handhawing van homeostase in die algemeen en hierdie kennis kan toepas om die rol van die nier in verskillende fisiologiese beheerprosesse te kan verduidelik;
- ingelig te wees oor die rol wat die vel in sekretoriële funksies en homeostase speel.

<b>Metode van aflatewing:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 2 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> FLGX313	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b> <b>Krediete: 8</b>
<b>Titel:</b>	Respirasie	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- die rol van die longe in die handhawing van die interne omgewing van individuele selle en die liggaam verstaan;
- ventilasie van die longe te verstaan waar suurstof na die alveoli beweeg en koolsuurgas as metaboliese afvalproduk verwyder word;
- kennis te hê van die uitruil van suurstof en koolsuurgas deur passiewe diffusie in die alveoli asook in die weefsel;
- die struktuur van hemoglobien, en die rol van hemoglobien in die transport van suurstof en koolsuurgas in die bloed te kan beskryf;
- van die kardiovaskulêre sisteem se rol moet kennis geneem word in die transport van die asemhalingsgasse na en van die weefsel;
- kennis te hê van hoe beheer van asemhaling plaasvind en hoe siektetoestande die respirasie sisteem beïnvloed;
- kennis hê van die long as teikenorgaan vir atmosferiese besoedelingstowwe.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 2 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> <b>FLGX314</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Kardiovaskuläre Fisiologie	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- wetenskaplike kennis en insig te demonstreer in die meganismes, funksies, fisiese eienskappe en geïntegreerde beheer van die kardiovaskuläre stelsel;
- die ontstaan van 'n elektriese impuls en geleiding daarvan oor die hart te begryp en kan toepas;
- die gebeure tydens die kardiale siklus kan weergee en kan toepas tydens bv. hartversaking en oefening;
- die mediese fisika van druk, vloeい en weerstand verstaan;
- die mikrosirkulasie en die limfatisiese sisteem kan bespreek en kan toepas in verskillende siektetoestande;
- die vaskuläre vervormbaarheid en die funksies van die arteriële en veneuse sisteem kan bespreek;
- kennis en insig in die geïntegreerde beheer van die kardiale omset, veneuse terugkeer, bloeddruk en lokale bloedvloei kan demonstreer;
- die dominante rol van die nier in die langtermyn beheer van die arteriële bloeddruk kan kommunikeer en verskillende modelle van hipertensie kan uiteenstel;
- grafiese analise van hartfunksie kan uitvoer en prakties kan toepas;
- kennis en insig toon in die koronäre sirkulasie en kan toepas in koronäre aandoenings;
- die kennis bekom te kan toepas en integreer soos in sirkulatoriese skok, miokardiale infarksie en ander patologiese toestande;
- die risikofaktore van kardiovaskuläre gesondheidsprobleme te kan identifiseer, oplos en/of voorkom.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 3 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> <b>FLGX325</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Neurofisiologie	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- kennis hê van die hooffunksies van die senuweestelsel naamlik sensoriese, motoriese en integrasie, insluitende neuronstruktuur en -funksie, impulsgeleiding, sinapswerking;
- oor grondige kennis van die werking van die sensoriese senuweestelsel beskik insluitende reseptorfunksie, somatiese sensasie (bv. pyn en pynhantering), sintuig-fisiologie (bv. oog, oor, smaak en reuk);
- 'n grondige kennis van die ontvangs van en reaksie op sensoriese inligting hê om die werking van die motoriese stelsel insluitende die rugmurg, motoriese breinkorteks, cerebellum en basale ganglia te verstaan;
- hoér korteks funksionering as integrasie funksie van die senuweestelsel verstaan en ken, insluitende: dominante hemisfeer, verbale en nie-verbale intelligensie, gedrag- en motiveringsemeganismes, breinaktiviteit, epilepsie en slaap;
- die mekanismes van die sintese en werking van die verskillende tipes neurotransmitters moet verstaan word om die neuropatologie van onder andere depressie, Tourette syndroom, Alzheimer se siekte, parkinsonisme, skizofrenie, disleksie, voedingsgedrag, alkohol en dwelmmisbruik op geheue verstaan;
- die struktuur en integrasie van die outonne senuweestelsel met die limbiese stelsel en die rol daarvan in reaksies soos die stressreaksie verstaan;
- 'n deeglike kennis word verwag van breinmetabolisme en cerebrospinale vloeistofsisteem asook die belangrikheid van voeding en skedeltrauma op die brein.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 3 uur 1 : 1	

<b>Modulekode:</b> FLGX326	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 6(7) <b>Krediete:</b> 16		
<b>Titel:</b>	Voortplanting en Omgewingsfisiologie			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
• grondige kennis hê ten opsigte van die struktuur en funksie van die manlike en vroulike geslagstelsels asook die endokriene beheer van die geslagsfunksies;				
• oor kennis beskik van patologiese toestande van die geslagstelsels soos onvrugbaarheid en geslagsoordraagbare siektes;				
• grondige kennis beskik van die proses van bevrugting, fisiologies aanpassings van die moeder tydens swangerskap en die fisiologies aanpassings van die pasgebore baba;				
• oor kennis beskik van die fisiologiese veranderinge wat intree tydens puberteit en menopouse;				
• oor grondige kennis van die menslike fisiologiese reaksies en adaptasie teenoor verskeie omgewingsfaktore beskik. Die omgewingsfaktore sluit in stres, rook, ultraviolet straling, geraas, temperatuur en omgewingsdruk;				
• oor kennis beskik in verband met rookverwante en alkoholverwante patologie, die effek van hoë en lae omgewingstemperatuur op die liggaam en verwante patologie, geraasverwante patologie asook die adaptasie van die liggaam aan hoë en lae omgewingsdruk.				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 3 uur 1 : 1			
<b>Modulekode:</b> FLPX113 (G413P)	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5a(5) <b>Krediete:</b> 12		
<b>Titel:</b>	Fisiologie vir Farmasie IA			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
• Die basiese selfunksies: selstruktuur, proteïenaktiwiteit en beweging van molekules oor selmembrane kan beskryf asook homeostatiese mekanismes.				
• 'n Grondige kennis hê van sellulêre kommunikasie, senuwee beheersisteme, sensoriese stelsels en hormonale beheersisteme.				
• Die relevante vakkundige terminologie te ken en te kan gebruik.				
• Kennis te dra van die bronne waarin wetenskaplike inligting oor fisiologie verskyn.				
• Die basiese kennis wat geleer word op die praktyk van u toekomstige beroep te kan toepas.				
• 'n Eties verantwoordelike houding jeans die menslike fisiologie te demonstreer.				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 2 uur 1 : 1			
<b>Modulekode:</b> FLPX123 (G413P)	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5a(5) <b>Krediete:</b> 12		
<b>Titel:</b>	Fisiologie vir Farmasie IB			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
• Kennis hê van spierfisiologie, kardiovaskulêre fisiologie, respirasie, water- en elektrolyt-balans.				
• Die spysverteringskanaal prosesse en metabolisme kan beskryf.				
• Oor kennis van die voortplantingsfisiologie beskik.				
• Kennis hê van immunologie asook van HIV en die ontstaan van auto-immune siektes.				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 2 uur 1 : 1			

<b>Modulekode:</b> FLPX221	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5b(6) <b>Krediete:</b> 8		
<b>Titel:</b>	Fisiologie vir Farmasie en Verpleegkunde C			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
• 'n grondige kennis hê van die kardiovaskuläre stelsel, nierfisiologie en immunologie;				
• die relevante vakkundige terminologie ken en kan gebruik. Kennis hê van algemene siekte toestande wat geassosieer word met benoemde orgaanstelsels.				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	PK 1 x 2 uur 1 : 1			
<b>Modulekode:</b> FMSG211(G412P) <i>(Faseer uit einde 2013; sluit einde 2014)</i>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5b(6) <b>Krediete:</b> 16		
<b>Titel:</b>	Toebereiding en reseptering van medisyne			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Vir hierdie module word die uitkomste op vier vlakke ingedeel, naamlik: kennis, vaardighede, bevoegdheid en waardes.				
<b>Kennis</b>				
Na afhandeling van hierdie module, moet jy oor 'n grondige kennis beskik ten opsigte van:				
• die verskillende doseervorme en toedieningsroetes.				
• die tegnieke van toepassing op die bereiding en reseptering van doseervorme.				
• die farmaseutiese berekening van toepassing op die bereiding en reseptering van doseervorme.				
• die fisies-chemiese beginsels van belang by doseervormontwikkeling en die werking van geneesmiddels.				
<b>Vaardighede</b>				
Na afhandeling van hierdie module, moet jy oor die vaardigheid beskik om:				
• apparaat en toerusting wat gebruik word in die bereiding en reseptering van medisyne, effektiel en korrek te gebruik.				
• 'n voorskrif te kan resepteer.				
• suksesvol en effektiel in groepsverband te kan saamwerk.				
• wetenskaplik te kan kommunikeer, soos byvoorbeeld die skryf van verslae.				
<b>Bevoegdheid</b>				
Na afhandeling van hierdie module, moet jy oor die bevoegdheid beskik om:				
• 'n voorskrif te kan vertolk en resepteer.				
• farmaseutiese berekeninge van toepassing op die bereiding en reseptering van voorskrifte korrek te kan uitvoer.				
• fisies-chemiese beginsels in doseervombereiding te kan toepas.				
• die belang van fisies-chemiese beginsels in farmaseutika te verstaan sodat jy dit kan toepas.				
<b>Waardes</b>				
Na afhandeling van hierdie module, moet jy oor die waardes beskik om:				
• eties op te tree in die voorbereiding en reseptering van 'n voorskrif.				
• in alle aspekte van doseervormontwikkeling eties korrek op te tree.				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x3 uur 1 : 1			
<b>Modulekode:</b> FMSG212	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 6 <b>Krediete:</b> 16		
<b>Titel:</b>	Farmaseutika IA			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van hierdie module sal die student in staat wees om die volgende te demonstreer				
• gedetailleerde kennis en kritiese begrip van terminologie, relevante konsepte, reëls en onderliggende teorieë met betrekking tot fisies-chemiese beginsels soos van toepassing in die Farmaseutiese veld;				
• die vermoë om fisies-chemiese beginsels korrek te kan kies, evalueer en toe te pas in				

verskillende farmaceutiese prosesse in die algemeen, maar spesifieker tydens doseer-vormontwerp en -ontwikkeling,

- korrekte keuse en toepassing van vakspesifieke metodes vir versameling, analyse, evaluering van inligting en die integrasie van bevindings en aanbevelings rakende die fisiese-chemiese beginsels van farmaceutiese-belangrike konsepte en chemiese reaksies, en die toepassing van bewys-gebaseerde gevolgtrekkings binne 'n bepaalde konteks in die farmaceutiese veld;
- akkurate, samehangende en wetenskaplike geskrewe en verbale kommunikasie van toepaslike bevindings/ aanbevelings rakende die toepaslikheid van fisieschemiese beginsels in die ontwikkeling van verskillende doseervorms, met begrip en respek vir intellektuele eiendomsreg, kopiereg, reëls ten opsigte van plagiaat en etiese/regs implikasies van besluite wat in die betrokke veld geneem word.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x3 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> <b>FMSG222 (G412P)</b> <i>(Faseer uit einde 2013; sluit einde 2014)</i>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Inleidende biofarmaceutika en farmakokinetika	

#### **Module-uitkomste:**

Na voltooiing van hierdie module moet die student in staat wees om bewys te lewer van beheersing van die volgende kriteria:

- 'n Goeie kennis van
  - die basiese begrippe van biobesikbaarheid, biofarmaceutika en farmakokinetika by doseervorm-ontwerp en reseptering; en
  - die absorpsie, distribusie, metabolisme en eliminasie (ADME) van oraal toegedienede geneesmiddels of medisyne.
- Die vaardighede
  - om in groepsverband te werk;
  - om geneesmiddelinligting te interpreteer en pasiënte te adviseer met betrekking tot die korrekte gebruik van medisyne om 'n doeltreffende geneesmiddelwerking te verseker; en
  - om in wetenskaplike taal te kommunikeer.
- Die bevoegdheid om
  - faktore wat die optimale gebruik en werking van geneesmiddels beïnvloed, te identifiseer en te kommunikeer;
  - die invloed van faktore, soos siektetoestande, massa en ouderdom, op variasies in geneesmiddelwerking te identifiseer en te evalueer;
  - die invloed van die toedienroete van geneesmiddels op optimale geneesmiddel-werking te beoordeel en aan die pasiënt oor te dra; en
  - moontlike faktore wat die optimale werking van geneesmiddels nadelig kan beïnvloed, te identifiseer en die nodige maatreëls te tref om die toestand te verbeter of reg te stel.
- Kennis van die etiese waardes met betrekking tot die reseptering van geneesmiddels of medisyne, met inbegrip van die lewering van die korrekte advies en waarskuwings om veilige en doeltreffende medisynegebruik te verseker.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x3 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> <b>FMSG223</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Farmaceutika I/B	

#### **Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module sal die student in staat wees om die volgende te demonstreer:

- grondige kennis en kritiese begrip van beginsels, terme en teorieë van toepassing in en toegepas op die biofarmaceutiese en farmakokinetiese omgewing, en die absorpsie, verspreiding, metabolisme en eliminasie (ADME) van toepassing op geneesmiddels toegedien via verskillende toedieningsroetes.
- Die vermoë om biofarmaceutiese en farmakokinetiese inligting korrek te kan interpreteer ten einde pasiënte te kan adviseer in die veilige en effektiewe gebruik van medisyne om effektiewe

geneesmiddelwerking te kan verseker.

- Die vermoë om biofarmaceutiese en farmakokinetiese inligting te kan interpreteer, en korrek te kan toepas om relevante probleme in 'n gedefinieerde konteks te kan oplos en om die oplossings te kan toepas in die relevante farmaceutiese veld;
- Die vermoë om inligting rakende die invloed van faktore wat die effektiewe werking en optimale gebruik van geneesmiddels te kan identifiseer, evalueer en integreer en om hierdie bevindings toe te pas, binne 'n gegewe konteks in die veld van farmaceutika, tydens die oplos van potensiële probleme wat as gevolg van hierdie faktore kan onstaan;
- akkurate, samehangende en wetenskaplike geskrewe en verbale kommunikasie van toepaslike bevindings/ aanbevelings rakende die toepaslikheid van fisieschemiese beginsels in die ontwikkeling van verskillende doseervorms, met begrip en respek vir intellektuele eiendomsreg, kopiereg, reëls ten opsigte van plagiaat en etiese/regts implikasies van besluite wat in die betrokke veld geneem word.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x3 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> <b>FMSG311 (G412P)</b> <i>(Faseer uit einde 2014; sluit einde 2015)</i>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Farmaceutiese doseervorme en Tegnologie I	

#### Module-uitkomste:

Na voltooiing van dié module moet die student die volgende kan demonstreer:

- 'n afgeronde kennis van die basiese beginsels betrokke by die ontwerp en ontwikkeling (formulerung, vervaardiging, verpakking, toetsing, bewaring en gebruik) van medisyne in die algemeen en orale vaste doseervorme spesifiek; en van die toepassing van kwaliteitsverzekering (AQ), goeie vervaardigingspraktyke (GMP) en kwaliteitskontrole (QC) tydens die vervaardiging van medisyne;
- die vermoë om kennis en begrip van produkontwerp, produkontwikkeling en kwaliteitsverzekering, individueel of in spanverband, te kan toepas in die ontwerp en ontwikkeling (formulerung, vervaardiging, toetsing en verpakking) van orale vaste doseervorme;
- die vermoë om relevante preformuleringsinligting uit alle moontlike bronne (vakhandboeke, farmakopeë, internet-bronne) op te spoor, te evalueer en te gebruik tydens medisynevervaardiging;
- 'n afgeronde en sistematische kennis van die bepaling van die rakleeftyd en vervaldatum van medisyne met agneming van die toepaslike chemiese kinetiese beginsels;
- individueel of in spanverband 'n farmaceutiese produksieproses (vanaf formulering tot verpakking) te kan beplan, organiseer, beheer en uitvoer aan die hand van die vervaardiging van orale vaste doseervorme;
- die vermoë om met ander lede van die gesondheidspan en die pasiënt te kan kommunikeer oor die korrekte gebruik en hantering van medisyne in die algemeen en orale vaste doseervorme spesifiek; en
- 'n afgeronde kennis (en die toepassing daarvan) van die etiese en regssaspekte van belang tydens medisyne-vervaardiging en toebereiding.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x3 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> <b>FMSG312</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak 7</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Farmaceutika IIA	

#### Module-uitkomste:

Na voltooiing van die module sal die student in staat wees om die volgende te demonstreer:

- 'n geïntegreerde kennis, duidelike begrip en die vermoë om fisies-chemiese en farmaceutiese mikrobiologiese beginsels, teorieë en prosedures van toepassing op parenterale en ander doseervorms korrek te kan toepas tydens die ontwikkeling en kwaliteitsverzekering daarvan, insluitend die verskillende metodes van sterilisasie en aseptiese tegnieke betrokke by die vervaardiging, hantering van steriele doseervorms.
- Die vermoë om kennis en begrip van die toepaslike fisies-chemiese en mikrobiologiese

- beginnels te kan gebruik/implementeer in die ontwikkeling, formulering, vervaardiging, toediening en bewaring van medisyne via verskillende doseervorms;
- 'n sistematische kennis van korrekte farmaseutiese berekening en die vermoë om hierdie kennis korrek toe te pas tydens die formulerings, reseptering en toediening van medisyne via verskillende doseervorms;
  - Die vermoë om te 'n verskeidenheid kwaliteitskontrole-maatreëls en prosedures te kan kies, evalueer en toepas om hoë standaarde in verskillende doseervorms te handhaaf en om produkeffektiwiteit en pasiëntveiligheid te waarborg.
  - akkurate, samehangende en wetenskaplike geskrewe en verbale kommunikasie-vaardighede van toepaslike verslae en verwante temas van doseervorms met begrip van en respek vir intellekturele eiendomsreg, kopiereg en reëls rakende plagijs.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x3 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> <b>FMSG321 (G412P)</b> <i>(Faseer uit einde 2014; sluit einde 2015)</i>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Farmaseutiese doseervorme en Tegnologie II	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- 'n afgeronde kennis beskik van die fisies-chemiese beginnels betrokke by die ontwikkeling van vloeibare doseervorme (orale vloeibare doseervorme en parenterale produkte);
- 'n afgeronde kennis beskik aangaande die basiese beginnels van farmaseutiese mikrobiologie (insluitend die verskillende sterilisasie en aseptiese tegnieke betrokke tydens die produksie en hantering van steriele doseervorme);
- die vermoë beskik teoretiese kennis oor genoemde doseervorme te kan toepas in die formulering, vervaardiging, hantering en bewaring van orale vloeibare en parenterale produkte;
- die vaardigheid beskik om genoemde kennis oor beginnels van farmaseutiese mikrobiologie te kan toepas en hantering van steriele doseervorme;
- die vaardighede, vermoëns en etiese waardes beskik om as adviseur op te tree tydens die keuse en gebruik van genoemde doseervorme ten einde die vereiste uitskots van geneesmiddelterapie te versker;
- die vaardigheid beskik om wetenskaplik te kan kommunikeer, soos byvoorbeeld die skryf van verslae; praktyk-gerigte probleme in verband met bogenoemde doseervorme te kan bespreek en suksesvol en effekief in groepsverband kan saamwerk.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x3 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> <b>FMSG322</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Farmaseutika I/B	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om die volgende te demonstreer:

- Geïntegreerde kennis en begrip van, en die vermoë om konsepte, feite, fisies-chemiese beginnels, riglyne en teorieë te kan evalueer en korrek toe te pas op verskillende doseervorms en toedieningsroetes vir geneesmiddelaflawering in die veld van doseervormontwerp en -ontwikkeling, asook begrip van hoe hierdie kennis betrekking het op ander velde of praktyke in farmasie;
- Begrip en bewese kennis binne die veld van doseervormontwerp en -ontwikkeling, en kritiese evaluering van formuleringsbeginnels, stabiliteitsaspekte, gehalteversekerings, goeie vervaardigingspraktyke, kwaliteitskontrole en farmaseutiese formules in die veld van doseervormontwikkeling en -ontwerp. ,
- Vermoe 'n verskeidenheid toepaslike prosedures, wetenskaplike metodes en farmaseutiese formules te kies, evalueer en toepas ten einde gerigte navorsing te kan doen en probleme te kan oplos wat 'n effek kan hê op geneesmiddelontwikkeling
- Vermoe om ingewikkelde doseervormontwerp- en ontwikkelingsprobleme te kan identifiseer, analiseer, krities kan evalueer en op te los deur die toepassing van bewysegebaseerde

oplossings gegrond op teorie-gedrewe argumente.			
<ul style="list-style-type: none"> <li>Inagneming van alle toepaslike waardes, etiese gedrag en motiveerbare besluitneming om as adviseur op te tree (vir pasiënte en ander lede van die gesondheidspan) rakende die keuse en gebruik van gesikte doseervorms ten einde die verlangde uitkoms van geneesmiddelterapie te verseker en om 'n betekenisvolle bydrae te lewer tot die behoud van produkeffektiwiteit en pasiëntveiligheid;</li> <li>akkurate, samehangende en wetenskaplike geskrewe en verbale kommunikasie-vaardighede van toepaslike verslae en verwante temas van doseervorms met begrip van en respek vir intellektuele eiendomsreg, kopiereg en reëls rakende plagiaat.</li> </ul>			
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b> Pk 1x3 uur 1 : 1			
<b>Modulekode:</b> <b>FMSG411 (G412P)</b>		<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7(8)</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b> Farmaceutiese doseervorme en Tegnologie III			
<b>Module-uitkomste:</b>			
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:			
<ul style="list-style-type: none"> <li>'n omvattende en sistematiese kennis beskik ten opsigte van die toedien van geneesmiddels via die volgende roetes: parenteraal, rektaal, vaginal, transdermaal, pulmonêr, okulêr, nasaal, en die oor; die produksie (formulering, vervaardiging, evaluering en verpakking); die reseptering, hantering en bewaring van genoemde roeteverwante doseervorme; asook reseptering en farmaceutiese berekening van toepassing op die bereiding en reseptering van alle doseervorme.</li> <li>die vaardigheid beskik om wetenskaplik te kan kommunikeer, soos byvoorbeeld die skryf van verslae; praktyk gerigte probleme in verband met bogenoemde doseervorme te kan bespreek; suksesvol en effektiel in groepsverband kan saamwerk; en 'n voorskrif kan resepteer.</li> <li>die bevoegdheid beskik om 'n voorskrif te kan vertolk en resepteer; farmaceutiese berekening van toepassing op die bereiding en reseptering van voorskifte korrek te kan uitvoer; om as adviseur te kan optree (vir pasiënte en ander lede van die gesondheidspan) oor die keuse en gebruik van spesifieke doseervorme; om 'n wesenlike bydrae te kan lewer tot die handhawing van produkeffektiwiteit en die versekering van pasiëntveiligheid.</li> <li>die waardes beskik om ten alle opsigte eties op te tree in terme van alle vorme van doseervormontwikkeling; asook tydens uitreiking en bereiding van alle doseervorme.</li> </ul>			
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b> Pk 1x3 uur 1 : 1			
<b>Modulekode:</b> <b>FMSG412 (G413P)</b>		<b>Semester 1</b>	<b>NQF-vlak: 8</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b> Farmaceutika III/A			
<b>Module uitkomste:</b>			
Na voltooiing van hierdie module sal die student in staat wees om:			
<ul style="list-style-type: none"> <li>die vermoë te demonstreer om basiese wetenskaplike kennis en beginsels te kan toepas in die veld van doseervormontwerp en -ontwikkeling (insluitend, preformulering, formulering, vervaardiging, verpakking, etikettering en evaluieringsfasies);</li> <li>kennis aangaande die chemiese stabiliteit en afbraakroetes van geneesmiddels met behulp van chemiese kinetika te kan toepas tydens die bepaling van die rakleeftyd en vervaldatum van medisyne;</li> <li>die vermoë te demonstreer om kennis en beginsels van produkontwerp en -formulering van medisyne en verwante farmaceutiese produkte te kan toepas aan die hand van die riglyne van Goeie Vervaardigingspraktyke (GVP) en huidige geldende relevante regulasies;</li> <li>'n Kwaliteitsversekeringssysteem (QAS) en Kwaliteitskontrolesisteme (QCS) te kan definieer, implementeer en/of bestuur tydens die vervaardiging, verpakking etikettering en evaluering van farmaceutiese produkte op industriële vlak;</li> <li>Aan die hand van gegewe data en amptelike riglyne in aansoek vir registrasie van medisyne by die MBR te kan voltooi;</li> <li>Die vermoë te demonstreer om om geïntegreerde kennis van innoverende doseervorms te kan toepas;</li> <li>kritiese begrip van gevorderde doseervormontwerp te toon en te kan toepas in die ontwerp en</li> </ul>			

- ontwikkeling van innoverende doseervorms;
- die vermoë te demonstreer om 'n verskeidenheid van beginsels in gevorderde doseervormontwerp te kan kies, evalueer en toe te pas om sodoende komplekse en abstrakte probleme relevant tot uitdagings in die ontwerp van innoverende doseervorms te kan aanspreek.
  - Effektiel onafhanklik of in 'n sisteem/organisasie/groep te kan funksioneer en/of om 'n sisteem/organisasie/groep te kan bestuur in die konteks van produkontwerp en -ontwikkeling;
  - Effektiel te kan kommunikeer, d.i. die vermoë te kan demonstreer om akademiese, professionele of beroepsverwante idees via verskillende tegnieke (mondelings, skriftelik, ens.) aan 'n verskeidenheid van gehore oor te dra;
  - Die vermoë te demonstreer om etiese aspekte te kan identifiseer en aan te spreek gebaseer op kritiese refleksie oor die geskiktheid van verskillende etiese waardesisteme in die konteks van of relevant tot produkontwikkeling en -ontwerp

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk	
<b>Modulekode:</b> <b>FMSG422 (G412P)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7(8)</b> <b>Krediete: 8</b>
<b>Titel:</b>	Biotegnologiese en Innovierende doseervorme	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- 'n omvattende en sistematiese kennis beskik ten opsigte van die rol en toepassing van farmaseutiese biotegnologie in geneesmiddelterapie en doseervormontwikkeling;
- die vermoë beskik om die eise wat nuwe generasie geneesmiddels aan doseervormontwikkeling stel, te verduidelik;
- 'n grondige kennis beskik van die huidige en toekomstige tendense in geneesmiddel-aflewering en doseervormontwikkeling; en
- 'n omvattende en sistematiese kennis beskik ten opsigte van die beginsels van die ontwikkeling en gebruik van dieremedisyne.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x2 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> <b>FNPG421 (G413P)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NQF-vlak: 8</b> <b>Krediete: 32</b>
<b>Titel:</b>	Farmaseutiese Navorsingsprojek	

**Module uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- kennis rakende die beginsels van kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing te toon en dit te kan toepas tydens die uitvoering van 'n navorsingsprojek binne die farmaseutiese veld.
- 'n navorsingsvoorstel te kan formuleer.
- Navorsing eties en inoorleg met gevestigde navorsingsmetodologiese praktyke te kan uitvoer. Navorsingsresultate te kan bespreek en bevindings (resultate) en gevolgtrekings mondelings of in geskrewe vorm volgens gevestigde navorsingspraktyke te kan voorlei/voordra.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk Projekwerk, verslag en mondeling (deurlopend) – Geen summatiewe assessering	
<b>Modulekode:</b> <b>FPFG121 [G413P]</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Kliniese Farmasie /B	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- die mikro- en makro anatomie van die kop en nek, boonste- en onderste ledemate, abdomen en pelvis t.o.v muskulére-, neurologiese- en vaskulére voorsiening, limfdreinering, osteologie, ligamente en strukture te identifiseer, beskryf, bespreek en diagrammaties voor te stel;
- bogenoemde in gevallestudies en kliniese toepassings te kan bespreek om m.b.v. hierdie insig en kennis gesondheid in die praktyk te help bevorder, instand te hou en te verstaan;
- begrippe in anatomie te definieer, verstaan, en toe te pas in die identifisering van verskillende

strukture deur o.a van verskeie bronne, die internet en praktiese toepassings op geplastifiseerde modelle, kadawers en illustrasies gebruik te maak;						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Selfstandig en in 'n groep te werk ten einde die uitkenning van anatomiese strukture suksesvol te kan doen;</li> <li>• Om vanuit 'n gevinstigde waardesisteem eties korrek op te tree tydens praktika op kadawers en geplastifiseerde monsters.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds						
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x3 uur 1 : 1					
<b>Modulekode:</b> <b>PFPG211</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 6(7) <b>Krediete:</b> 16				
<b>Titel:</b>	Kliniese Farmasie I/A					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Grondige kennis van algemene patologiese-mediese terminologie te kan demonstreer en dan daardie kennis kan toepas in goed gedefinieerde maar onbekende probleemplossing;</li> <li>• Bewys te kan lewer van 'n omvattende kennis van basiese patologie en dit met vertroue in analises en evaluerings van scenario's en feitestelle te kan gebruik;</li> <li>• Algemene patologiese veranderinge of awykings in algemene siektetoestande te herken;</li> <li>• Inligting te kan inwin, dit verifieer en in samehangende verslagvorm te kan vervat en aan 'n gehoor met die gebruik van IT toerusting te kan kommunikeer;</li> <li>• Suksesvol aan groepwerk deel te neem en self ook leiding te kan neem;</li> <li>• Vanuit 'n gevinstigde waardesisteem eties korrek te kan optree; en</li> <li>• Bewys te kan lewer van vaardighede ten opsigte van selfevaluering, herkenning van studie tekortkominge en behoeftes, inisiatief te neem om dit aan te spreek, en ook om ander te help daarmee.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x3 uur 1 : 1					
<b>Modulekode:</b> <b>PFPG221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 6(7) <b>Krediete:</b> 8				
<b>Titel:</b>	Kliniese Farmasie I/B					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Grondige kennis van algemene diagnostiese en/of laboratorium toets verwante beginsels en terminologie te kan demonstreer wat jou vir die res van jou professionele lewe sal dien;</li> <li>• Hulp te verleen ten opsigte van kliniese besluitneming deur samevatting, kritiese analise en interpretering van pasiënt-verwante diagnostiese en/of laboratorium data;</li> <li>• Konsepte, doelwitte en betekenis van ondervinding te kan herken en daarop kan reflektere en dit dan met vertroue in analises en evaluerings van scenario's en feitestelle te kan gebruik;</li> <li>• Aan te hou soek na nuwe inligting om beter, meer volledige antwoorde te kan verskaf;</li> <li>• Inligting te kan inwin, dit verifieer en in samehangende verslagvorm te kan vervat en aan 'n gehoor met die gebruik van IT toerusting te kan kommunikeer;</li> <li>• Suksesvol aan groepwerk deel te neem en self ook leiding te kan neem; en</li> <li>• Vanuit 'n gevinstigde waardesisteem eties korrek te kan optree.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x3 uur 1 : 1					
<b>Modulekode:</b> <b>PFPG311 (G412P)</b> <i>(Faseer uit einde 2014; sluit einde 2015)</i>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 6(7) <b>Krediete:</b> 16				
<b>Titel:</b>	Kliniese Patologie					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Afgeronde kennis van algemene patologiese prosesse, soos die akute en chroniese ontstekingsreaksies, hipersensitiwiteitsreaksies, sirkulasieversteurings en sellulêre reaksies op</li> </ul>						

- beserings te kan demonstreer deur dit in probleemoplossing te kan toepas;
- 'n afgeronde kennis van patologiese prosesse van spesifieke siektetoestande van verskillende orgaanstelsels te kan demonstreer deur dit in gevalle studies te kan toepas;
  - bewys te kan lewer van 'n afgeronde kennis van menslike mikro- en makro-anatomie en dit met vertroue in analises en evaluerings van scenario's en feitestelle te kan gebruik;
  - siektetoestande en afwykings wat algemeen voorkom te kan herken en te kan hanteer;
  - suksesvol aan groepwerk te kan deelneem en self ook leiding te kan neem;
  - inligting te kan inwin, te verifieer en in samehangende verslagvorm te kan vervaat en aan 'n gehoor met die gebruik van IT toerusting te kan kommunikeer;
  - vanuit 'n gevestigde waardesisteem eties korrek te kan optree;
  - gereed te wees om die normaal en abnormaal van die menslike liggaaam en sy stelsels met mekaar te kan vergelyk.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x3 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> <b>FPFG312</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Kliniese Farmasie IIIA	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- Om oor 'n afgeronde kennis te beskik van die siektetoestande en die identifiserende/tiperende simptome van die siektetoestande te kan demonstreer en die belang daarvan vir die praktiserende apteker te kan weergee;
- Die etiologie (oorsake) van die siektetoestande te ken;
- Vaardig te wees om 'n pasiëntgeskiedenis sodanig te kan neem dat hierdie proses doelgerig afstem op die maak van 'n differensiële diagnose en die aanbeveling van 'n behandelingsregime;
- Pasiënte met respek en waardigheid te hanteer;
- Te kan aantoon dat hy of sy vanuit 'n gevestigde en suiwer etiese grondslag optree;
- Bevoeg wees om toepaslike praktiese pasiëntadvies te kan verskaf, insluitend advies oor die siektetoestand, en die korrekte en veilige gebruik van medisyne verskaf en met empatie te kommunikeer.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x3 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> <b>FPFG321 (G412P)</b> <i>(Faseer uit einde 2014; sluit einde 2015)</i>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Gesondheidskunde	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- oor 'n afgeronde kennis te beskik van die siektetoestande en die identifiserende/tiperende simptome van die siektetoestande kan demonstreer en die belang daarvan vir die praktiserende apteker te kan weergee;
- die etiologie (oorsake) van siektetoestande ken;
- vaardig wees om 'n pasiëntgeskiedenis sodanig te kan neem dat hierdie proses doelgerig afstem op die maak van 'n differensiële diagnose en die aanbeveling van 'n behandelingsregime;
- pasiënte met respek en menswaardigheid te hanteer;
- kan aantoon dat u vanuit 'n gevestigde en suiwer etiese grondslag optree;
- bevoeg wees om toepaslike praktiese pasiëntadvies te kan verskaf, wat insluit advies oor die siektetoestand, en die korrekte en veilige gebruik van medisyne verskaf en met empatie te kommunikeer.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x3 uur 1 : 1	

<b>Modulekode:</b> FPFG322	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 6(7) <b>Krediete:</b> 16		
<b>Titel:</b>	Kliniese Farmasie III/B			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
• Die omgewing van farmakoterapie te verstaan in die konteks van die farmaseutiese sorg plan;				
• 'n Patofisiologiese benadering te volg in die verstaan van farmakoterapie;				
• 'n Grondige kennis van kritiese inligting wat gebruik word in die besluitneming van geneesmiddelterapie in die kliniese omgewing te demonstreer;				
• Genoegsame kliniese inligting aangaande die gebruik van medikasie te lewer;				
• Die beginsels van farmakoterapie in die praktyk te kan toepas deur 'n farmaseutiese sorg plan te ontwikkel;				
• Bekwaamheid te demonstreer deur farmakoterapie inligting toe te pas deur goeie kommunikasie vaardighede en etiese gedrag				
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x3 uur 1 : 1			
<b>Modulekode:</b> FPFG411 (G412P)	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 7(8) <b>Krediete:</b> 8		
<b>Titel:</b>	Kliniese Farmasie I			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
• kennis te dra van die teorie en filosofie van farmaseutiese sorg;				
• 'n farmaseutiese sorgplan vir 'n pasiënt kan ontwikkel;				
• oor kennis en vaardighede beskik in die uitvoer van siftingstoetse (urine-analise, bloedtoetse, cholesteroltoetse, bloeddrukbepaling en longfunksie toetse), asook die implementering van primêre sorg siftingstoetse en moniteringsdienste in 'n apieke;				
• basiese laboratoriumtoetse kan interpreteer en				
• fisiese ondersoeke op primêre gesondheidsorgvlak kan uitvoer wat ondersoeke van die neurologiese stelsel, borskas, abdomen, oë, mondholte, oor, neus en keel insluit.				
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x2 uur 1 : 1			
<b>Modulekode:</b> FPFG412	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 8 <b>Krediete:</b> 16		
<b>Titel:</b>	Kliniese Farmasie IVA			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
• Die omgewing van farmakoterapie te verstaan in die konteks van die farmaseutiese sorg plan				
• 'n Patofisiologiese benadering te volg in die verstaan van farmakoterapie				
• 'n grondige kennis van kritiese inligting wat gebruik word in die besluitneming van geneesmiddel terapie in die kliniese omgewing te demonstreer				
• Genoegsame kliniese inligting aangaande die gebruik van medikasie te lewer				
• Die beginsels van farmakoterapie in die praktyk te kan toepas deur 'n farmaseutiese sorg plan te ontwikkel				
• Bekwaamheid te demonstreer deur farmakoterapie inligting toe te pas deur goeie kommunikasie vaardighede en etiese gedrag				
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1:1 (3 ure)			
<b>Modulekode:</b> FPFG423 (G412P)	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 7(8) <b>Krediete:</b> 16		
<b>Titel:</b>	Kliniese Farmasie II			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
• farmaseutiese sorg binne die bestek van die farmaseutiese professie te kan beoefen;				
• omvattende kennis van farmakologie en kliniese vaardighede kan integreer met nuwe kennis				

van farmakoterapie en sinvol in die praktyk kan toepas;				
<ul style="list-style-type: none"> <li>dit behels kennis en vaardighede ten opsigte van die hantering van anafilakse, die inspuiting tegniek, die behandeling van minder ernstige siekttetoestande en die verwysing van ernstige siekttetoestande van komplikasies na sekondêre gesondheidsorg;</li> <li>kennis te dra van die etiologie, simptome en behandeling van 'n reeks algemene siekttetoestande wat insluit: neurologiese ongesteldhede, oftalmiese ongesteldhede, siektes van die mondholte, boonste en onderste lugweg-infeksies, kardiovaskulêre siektes, gastrointestinale siektes, diabetes, urienweg-infeksies, seksueel oordraagbare siektes, skelet-en gewrigsiektes, velsiektes, en siektes veroorsaak deur parasiete.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds				
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x3 uur 1 : 1			
<b>Modulekode:</b> <b>FPKG111</b> <i>(Faseer uit einde 2012; word gesluit einde 2013)</i>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5a(5) <b>Krediete:</b> 12		
<b>Titel:</b>	Farmaciepraktyk I			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>'n omvattende oorsigtelike kennis te hê van die rol wat die apteker speel in die bestuur van medisyneverspreiding in die openbare gesondheidsorgstelsel van Suid Afrika;</li> <li>oor die bevoegdheid te beskik om die apteker se verantwoordelikhede in die bestuur van medisyne-verspreiding in Suid Afrika te kan interpreteer;</li> <li>eties korrek, die wetlike en beroepsaspekte van medisyneverspreiding toe te pas in 'n groep of as individu.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds				
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x3 uur 1 : 1			
<b>Modulekode:</b> <b>FPKG112 [G413P]</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5 <b>Krediete:</b> 12		
<b>Titel:</b>	Farmaciepraktyk IA			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>kennis en ingeligte begrip van die sleutel terme, konsepte, beginsels en kriteria van relevante rëlels wat vantoepassing is op die veld van medisyne bestuur;</li> <li>om op 'n professionele en etiese wyse die relevante inligting van pasiënte bymekaar te maak, data te analiseer, pasiënte te evaluateer volgens standaarde van farmaseutiese sorg en om die bevindinge te kommunikeer met behulp van die gepaste media;</li> <li>die vermoë om medikasie soos aangedui in die medisynebestuursklus te selekteer, te bestel, te verkry, te stoor, te versprei en te vernietig;</li> <li>die begrip en toepassing van die Nasionale Medisyne Beleid sowel as Goeie Aptek Praktyk volgens aanvaarbare professionele gedrag van 'n Apteker;</li> <li>die vermoë om as deel van 'n groep te funksioneer en om toepaslike insette tot observasie verslaggewing te lewer wat gefundeer is op bewese grondige teorieë.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds				
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x3 uur 1 : 1			
<b>Modulekode:</b> <b>FPKG113 [G413P]</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5 <b>Krediete:</b> 12		
<b>Titel:</b>	Farmaciepraktyk IB			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>kennis en ingeligte begrip van die onderliggende sosiale beginsels, sosiale teorieë, gedragsbeginsels en -teorieë wat relevant is tot die pasiënt se siekte perspektief en siekte ondervinding asook van Farmaseutiese Sorg;</li> <li>om fundamentele sosiale beginsels en gedragsbeginsels en kennis aangaande die pasiënt se siekte perspektief te integreer en toe te pas met die lewering van Farmaseutiese Sorg;</li> <li>die vermoë om roetine of nuwe uitdagings met betrekking tot die pasiënt se siekte perspektief</li> </ul>				

en Farmaceutiese Sorg, in 'n bekende konteks te kan onderskei, te evalueer, oplossings te vind en die oplossings te kan toepas;	
• die vermoë om te kan funksioneer as deel van 'n groep of span, om toepaslike insette te lewer sodat die taak van projek suksesvol afgehandel kan word en mede-verantwoordelikheid te aanvaar vir die leerproses en realisering van die uitkomste van die groep.	

Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1	
Modulekode: <b>FPKG221 (G413P)</b>	Semester 1	NQF-vlak: 6 Krediete: 16
Titel:	Farmaciepraktyk IIA	

<b>Module uitkomste:</b>	
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om die volgende te demonstreer:	
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Uitvoerige kennis en begrip van kern terme, konsepte, feite, beginsels, teorieë ens. aangaande die interpersoonlike kommunikasie van 'n apteker in die gesondheidsorgkonteks,</li> <li>a) hoe hierdie kennis koppel aan toepaslike kennis aangaande gedragsverandering in die gesondheidsorgveld en die voorsiening van farmaceutiese sorg.</li> </ul>	
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die vermoë om toepaslike kommunikasievaaardighede en strategieë te demonstreer, kies, evalueer en met onderskeiding toe te pas om fundamentele probleme in 'n gedefinieerde omgewing in die veld van interpersoonlike gesondheidsorgkommunikasie op te los.</li> <li>• Die vermoë om in onbekende gesondheidskontekste te onderskei en interpersoonlike kommunikasieprobleme op te los en oplossings toe te pas om farmaceutiese sorg te ondersteun</li> <li>• "n Begrip van die etiese implikasies van besluite, aksies en praktyke spesifiek relevant tot die apteker-pasiënt verhouding</li> <li>• Die vermoë om die eie leerproses te moniteer aangaande die verkryging van kommunikasievaaardighede en om toepaslike leerstrategieë en bekende en nuwe hulpbronne te benut om al die uitkomste van hierdie module te realiseer.</li> </ul>	

Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1:1	
Modulekode: <b>FPKG221 (G413P)</b>	Semester 2	NQF-vlak: 6 Krediete: 8
Titel:	Farmaciepraktyk IIB	

<b>Module uitkomste:</b>	
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:	
<ul style="list-style-type: none"> <li>• gedetailleerde kennis van, en insig in, a) die wette wat 'n invloed het op/van toepassing is op die praktykvoering van aptekers in Suid-Afrika, met spesifieke verwysing na die <i>Wet op Apteker, 1974 (Wet 53 van 1974)</i>, soos gewysig en die <i>Wet op Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe, 1965 (Wet 101 van 1965)</i>, soos gewysig, b) die onstaan en ontwikkeling van, en kritiese denke van die noodsaaklikheid van en motivering agter die toepassing van sodanige wetgewing en regulasies;</li> <li>• die vermoë om hierdie wette en regulasies van toepassing op die oplossing van bekende en onbekende kontekstuele en fundamentele probleme in die aptekers praktyk te identifiseer, interpreteer, motiveer en toe te pas met die nodige oordeelsvermoë deur toepaslike, deurdagte, oplossings gebaseer op juridiese perspektiewe te bied;</li> <li>• begrip van, en insig in, die etiese implikasies van besluite, aksies en praktyke spesifiek relevant tot die regssaspekte geassosieer met Aptekerswese as beroep te verstaan, die nodige vaardighede om regsvereistes te implementeer/toe te pas op die Apteker in praktyk;</li> <li>• die vermoë om discipline-spesifieke metodes en tegnieke te gebruik vir wetenskaplike- en praktykverwante navrae en inligting versameling van geregtelike sake van toepassing op Aptekers Praktyk; bevindinge akkuraat en samehangende te kan weergee mondeling of geskrewe na aanleiding van sulke navrae aan verskillende belangegroepe, soos kliënte en werkgewers; en</li> <li>• die vermoë om sy eie leervordering te monitor en die toepassing van relevante leerstrategieë en hulpbronne te gebruik om die uitkomste van die module suksesvol te bereik.</li> </ul>	

Metode van aflewering:	Voltyds
Assesseringsmetodes:	PK; 1:1

<b>Modulekode:</b> <b>FPKG312 (G412P)</b> <i>(Faseer uit einde 2014; sluit einde 2015)</i>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 6(7) <b>Krediete:</b> 8		
<b>Titel:</b>	Farmasiepraktyk II			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
• 'n afgeronde en sistematiese kennis te hê van rekeningkundige berekeninge en finansiële begrippe van finansiële bestuur;				
• oor die vaardigheid beskik om mondellings en skriftelik met 'n finansiële adviseur te kan kommunikeer rakende finansiële state;				
• oor die bevoegdheid beskik om bedryf- en finansiële begrotings op te stel en rekenkundige berekenings te kan doen;				
• eties korrekte, vanuit 'n sruwer en gevestigde waarde-sisteem, finansiële bestuur te kan toepas.				
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>				
<b>Modulekode:</b> <b>FPKG313 (G413P)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NQF-vlak:</b> 7 <b>Krediete:</b> 16		
<b>Titel:</b>	Farmasiepraktyk III/A			
<b>Module uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
• geïntegreerde kennis en verstaan van, asook beskik oor die vermoë om teorieë, beginsels en procedures korrek te evalueer en toe te pas in gesondheidbevordering, siekte voorkoming en siekte bestuur soos van toepassing op farmasiepraktyk en verstaan hoedat hierdie kennis verband hou met kliniese farmasie;				
• 'n reeks verskillende, maar toepaslike siftingstoetse te kan kies, evalueer en te gebruik en om alle relevante inligting wat bekom is van sodanige toets te prosesseer, bestuur en kommunikeer;				
• oor die vermoë beskik om komplekse gesondheidsverwante probleme in publieke gesondheidsorg te identifiseer, analiseer, krities te reflekteer en aan te spreek en publieke gesondheidsorg bevorderingsvaardighede soos bemeester gedurende die module met teoriegedrewe argumente te bestuur en toe te pas;				
• toepassing en reflektering van alle etiese reëls van toepassing op die praktyke van gesondheidbevordering, siekte voorkoming en siekte bestuur;				
• akkurate, samehangende verbale en geskrewe terugvoer te kan gee van die resultate van 'n voltooide groep/span projek in publieke gesondheidsorg praktyke deur gebruik te maak van gepaste tegnologieë met die inagneming van kopiereg en plagiaat				
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1:1			
<b>Modulekode:</b> <b>FPKG323 (G412P)</b> <i>(Faseer uit einde 2014; sluit einde 2015)</i>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 6(7) <b>Krediete:</b> 8		
<b>Titel:</b>	Farmasiepraktyk III			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
• 'n omvattende afgeronde kennis te hê van kommunikasie in die apteker se konteks,				
• oor die vaardigheid te beskik om die verskeie kommunikasievaardighede en hulle gebruik te kan verduidelik, herken en demonstreer				
• oor die bevoegdheid te beskik om met alle rolspelers in die aptekersberoep mee te werk om effektiewe medisynegebruik te faciliteer				
• op 'n etiese wyse pasiëntmeewerkendheid te kan verbeter				
• fasilitering van gedragsverandering ter wille van effektiewe medisynegebruik				
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>				

<b>Modulekode:</b> <b>FPKG324 (G413P)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NQF-vlak: 7</b> <b>Krediete: 16</b>		
<b>Titel:</b>	<b>Farmasiepraktyk III/B</b>			
<b>Module uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
• geïntegreerde kennis en verstaan van, sowel as die vermoë om beginsels en prosedures van bestuurde gesondheidsorg instrumente en inligting sisteme in verskillende areas van besluitneming binne die veld van gesondheidsorg bestuur korrek te kan evalueer en te kan toepas;				
• oor die vermoë beskik om 'n reeks verskillende maar toepaslike prosedures en beginsels, en wetenskaplike metodes van kwalitatiewe en kwantitatiewe navrae te kies, evalueer en toe te pas om gefokusde navorsing te doen en probleme op te los wat 'n verandering in praktyk te weeg sal bring;				
• oor die vermoë beskik om komplekse gesondheid- en medisyne verwante probleme in die veld van bestuurde gesondheid sorg te identifiseer, te analyseer en krities daarop te reflekteer, en om bewysde oplossings binne teorie gedrewe argumente toe te pas; en				
• akkurate, samehangende verbale en geskrewe terugvoer te kan gee van die resultate van 'n voltooide groep/span projek in bestuurde gesondheidsorg praktyke deur gebruik te maak van gepaste tegnologieë met die inagneming van kopiereg en plagraat.				
<b>Metode van aflewering:</b>	<b>Voltyds</b>			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	<b>Pk 1:1</b>			
<b>Modulekode:</b> <b>FPKG413 (G412P)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7(8)</b> <b>Krediete: 16</b>		
<b>Titel:</b>	<b>Farmasiepraktyk I/V</b>			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
• 'n afgeronde en sistematisiese kennis te hê van die Wette wat die aptekersberoep raak met omvattende kennis van die Wet op Aptekers (Wet 53 van 1974), soos gewysig, Wet op Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe, (Wet 101 van 1965) soos gewysig en enkele ander wette wat van toepassing is op die aptekersberoep;				
• oor die vaardigheid beskik om mondelings en skriftelik te kommunikeer;				
• insette te kan lewer rakende wetlike en etiese aspekte wat die beroep van die apteker raak;				
• probleme ten opsigte van die implementering van die wetlike aspekte wat die beroep van die apteker raak te kan identifiseer en moontlike oplossings voor te stel;				
• op 'n etiese wyse die wetlike vereistes van toepassing op die apteker in die praktyk te kan implementeer;				
• 'n omvattende en sistematisiese kennis te hê oor die gesondheidsorgbestuur sisteem in SA;				
• kundigheid te kan demonstreer met betrekking tot beginsels van bestuurde gesondheidsorg, die verskillende gesondheidsorginstrumente en sekere;				
• inligtingsisteme nl. medisyneverbruiksevaluering, farmako-ekonomiese;				
• bewese medisyneverbruik en farmako-epidemiologie;				
• bevoegdheid te hê om binne die raamwerk van die nasionale gesondheidsorg- en medisynebeleid;				
• bestuurde gesondheidsorgbeginsels in die praktyksituasie te kan implimenteer en toepas en die resultate daarvan eties te kan rapporteer en interpreteer.				
<b>Metode van aflewering:</b>	<b>Voltyds</b>			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	<b>Pk 1x2 uur 1 : 1</b>			
<b>Modulekode:</b> <b>FPKG414 (G413P)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NQF-vlak: 8</b> <b>Krediete: 16</b>		
<b>Titel:</b>	<b>Farmasiepraktyk I/A</b>			
<b>Module uitkomste:</b>				
Na die voltooiing van die module, sal die student die volgende kan demonstreer:				
• Geïntegreerde kennis van en betrokkenheid by basiese finansiële- en mensehulpbron-bestuursbeginsels asook die kritiese begrip en toepassing van hierdie beginsels relevant tot die kontrole funksie van 'n bestuurder binne Farmasiepraktyk;				
• Die vermoë om verskeie bronne kritiese te ondersoek vir kennis binne die veld van algemene				

- Farmasiepraktykbestuur, krities die kennis te analyseer, evalueer en toe te pas;
- Die vermoë om professionele praktyk standaarde verwant aan algemene bestuur van Farmasiepraktyk toe te pas en kritiese te beoordeel, en verandering in handelinge te bewerkstellig waar nodig;
- Verstaan en oordra van komplekse teoretiese beginsels relevant tot algemene Farmasiepraktykbestuur in die praktyk van 'n farmaseutiese omgewing d.m.v. analisering en oplossing van kompleks en hipotetiese gevallenstudies; en
- Doeltreffend binne 'n sisteem te werk en 'n groep/sisteem te bestuur ten einde te voldoen aan kwaliteitsverbetering strategieë relevant tot die veld van bestuur, kontroleer die vordering van die groep en verantwoordelikheid te neem vir verwante kwaliteits-aangeleenthede.

<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1:1	
<b>Modulekode:</b> <b>FPKG425 (G412P)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7(8)</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Farmasiepraktyk V	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- 'n omvattende oorsigtelike kennis te hê van mensehulpbronbestuur binne die konteks van Arbeidswetgewing in SA;
- oor die vaardigheid beskik om die onderlinge verband tussen die verskillende aspekte van mensehulpbronbestuur aan te dui;
- oor die bevoegdheid beskik om scenarios te interpreteer en oplossings vir praktyk-probleme voor te stel;
- eties korrek, vanuit 'n suiwer en gevestigde waardesisteme, leiding te neem van en deel te neem in 'n werkspan;
- na te dink oor die algemene bestuursbeginsels vanuit 'n organisasieperspektief
- kommentaar te lewer oor die verskeie temas en filosofieë onderliggend aan die ontwikkeling en geskiedenis van bestuur en dit toe te pas op moderne praktyk;
- die professionele vaardighede wat van bestuurders tydens probleemoplossing vereis word, te evalueer;
- die basiese bestuursfunksies/pilare te identifiseer;
- die B-O-L-B-semente (Beplanning-Organisering-Leiding-Beheer) van bestuur te beskryf wat 'n bestuurder in 'n apiekt in staat stel om probleme op te los en geleenthede te skep;
- hedendaagse bestuurskwessies te identifiseer wat 'n invloed kan hê op verskeie aspekte van 'n apiekt en die farmasiaberoep; en
- mondelings en skriftelik, alle bestuurswerkzaamhede eties reg te hanteer

<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x3 uur 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> <b>FSKS113</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5a(5)</b> <b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Fisika vir Biologie I	

**Module-uitkomste:**

By die voltooiing van hierdie module, sal die student in staat wees om te demonstreer:

- kennis en insig hoe Fisika in natuurwetenskaplike verskynsels, hoofsaklik uit die biologiese wetenskappe, voorkom, deur die volgende onderwerpe te verduidelik en te bespreek, soos: kinematika, Newton se bewegingswette, momente, arbeid, energie en drywing met toepassings op die menslike liggaam, fluïdemeganika, druk, oppervlakspanning, viskositeit, met toepassings op bloedvloeい, warmteleer en termodynamika.
- vaardighede in die meet, verwerking en verslaggewing van natuurwetenskaplike prosesse.

<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds	
<b>Modulekode:</b> <b>FSKS123</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5a(5)</b> <b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Fisika vir Biologie II	

**Module-uitkomste:**

By die voltooiing van hierdie module, sal die student in staat wees om te demonstreer:

- kennis en insig hoe Fisika in natuurwetenskaplike verskynsels voorkom, sodat hy/sy die volgende kan verduidelik en bespreek: elektrostatika, elektriese potensiaal, elektriese stroombane, magnetisme en elektromagnetiese golwe, met toepassing op apparaat wat in die biologiese wetenskappe gebruik word, sowel as golwe, klank, optika en kernfisika.
- vaardighede in die meet, verwerking en verslaggewing van natuurwetenskaplike prosesse

<b>Modulekode:</b> <b>FSSM471</b>	<b>Semester 1 &amp; 2</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b> <b>Krediete: 24</b>
--------------------------------------	---------------------------	---

<b>Titel:</b>	Voedseldiensssisteme en bestuur
---------------	---------------------------------

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- Die toon van grondige kennis en praktiese vaardighede vanuit 'n gegronde etiese waardestelsel, as individu asook as lid van 'n span, met betrekking tot voedselveiligheid as kritiese elemente in die transformasieproses, wat die volgende insluit: beskikbaarheid van voedsel, verspreiding van maaltye, aankope, ontvangs en produksie;
- identifisering, ontleding, beoordeling en, in verslagvorm, die maak van aanbevelings rakende en die bied van oplossings vir ingewikkelde situasies en probleme wat aansluit by mensehulpbronbestuur, produktiwiteit, die begrotingsproses, werkverrigting en finansiële bestuur binne die Voedseldienseenheid;
- versameling, beoordeling en integrering van wetenskaplike inligting, beide as individu en as lid van 'n span, in die samestelling en bereiding van spyskaarte vir gesonde en siek persone; en die student moet
- beide as individu en as lid van 'n span, die generiese aspekte van bestuur (leierskap, beplanning, implementering, delegering en evaluering) in werklike situasies binne die Voedseldienseenheid as bestuurder van die afdeling , ken en implementeer.

<b>Metode van afluwing:</b>	Voltyds	
-----------------------------	---------	--

<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids	
-----------------------------	-----------------	--

<b>Modulekode:</b> <b>LNTP271</b>	<b>Semester 1 &amp; 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b> <b>Krediete: 12</b>
--------------------------------------	---------------------------	---

<b>Titel:</b>	Leer vir voedingpraktyk II
---------------	----------------------------

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- kennis en 'n kritiese verstaan van voedingverwante aktiwiteite in publieke gesondheidsdienste deur direkte waarneming te hê;
- die vermoë om standaard metodes te selekteer om die voedingstatus van 'n individu te assesseer en te interpreteer;
- die vermoë om voedel veiligheid en higiëne prakteke in 'n voedseldienseenheid;
- die vermoë om teoretiese wetenskaplike en praktiese voedingverwante inligting vir die saamstel van geskrewe en mondelinge voeding onderrig te integreer; en
- etiese en professionele gedrag te openbaar teenoor spanlede, professionele gesondheids-werkers en lede van die gemeenskap.

<b>Metode van afluwing:</b>	Voltyds	
-----------------------------	---------	--

<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids	
-----------------------------	-----------------	--

<b>Modulekode:</b> <b>LNTP371</b>	<b>Semester 1 &amp; 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b> <b>Krediete: 16</b>
--------------------------------------	---------------------------	---

<b>Titel:</b>	Leer vir voedingpraktyk III
---------------	-----------------------------

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- die vermoë om "INP" aktiwiteite effektiel te identifiseer en deel te neem aan "INP" aktiwiteite in gemeenskap gesondheid fasilitete;
- die vermoë om procedures en tegnieke in gemeenskapbehoefte bepalings te selekteer, evalueer en die gepaste metodes toe te pas;
- aktiewe deelname in voedingverwante aktiwiteite in die gemeenskap en gesondheidsfasilitete;
- die vermoë om bestuursisteme in 'n voedseldienseenheid te identifiseer, te analyseer en te evalueer; en
- die vermoë om effektiel te werk as 'n individu of as deel van 'n span, deur etiese en

professionele gedrag ten toon te stel teenoor ander gesondheidswerkers en lede van die gemeenskap.						
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids					
<b>Modulekode:</b> <b>MBWA112</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5a(5)	<b>Krediete:</b> 12			
<b>Titel:</b>	Funksionele Anatomie					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>fundamentele kennis van verskillende begrippe wat in anatomie gebruik word te kan weergee en te kan toepas in die identifisering en beskrywing van die verskillende skeletale, artikulêre en muskulêre strukture;</li> <li>fundamentele kennis van die anatomiese strukture van die verskillende bene(skeletale sisteem) en gewrigte(artikulêre sisteem) sowel as primêre spiere(muskulêre sisteem) te kan weergee;</li> <li>die genoemde kennis toe te pas in die identifisering van die anatomiese strukture en die bepaling van die funksies van elk van die strukture deur onder andere van modelle, illustrasies en werklike menslike monsters gebruik te maak;</li> <li>in sy/haar omgang met anatomie en anatomiese monsters aan te toon dat 'n gevinstigde waardesisteem onderliggend is en dat daar eties korrek en binne verlangde parameters opgetree word.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	60 : 40					
<b>Modulekode:</b> <b>MBWA122</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5a(5)	<b>Krediete:</b> 12			
<b>Titel:</b>	Toegepaste Anatomie					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>fundamentele kennis van die primêre senuwees en bloedvate wat by die skeletale, artikulêre en muskulêre sisteem van belang is, weer te gee;</li> <li>die genoemde kennis toe te pas in die identifisering van die bogenoemde strukture en die bepaling van die funksies van elk van die strukture deur onder andere van modelle, illustrasies en werklike menslike monsters gebruik te maak;</li> <li>fundamentele kennis oor die anatomie van die muskulo-skeletale en artikulêre sisteme toe te pas in die gebruik van handdroliese toetse om verskillende spiere te evalueer;</li> <li>alledaagse, multigewrigsbewegings (soos byvoorbeeld loop, hardloop, sit en opstaan, opstope, opsitte en hurk) te kan analyseer en dokumenteer deur die basiese kennis oor die anatomie van die muskulo-skeletale en artikulêre sisteme toe te pas;</li> <li>in sy/haar omgang met anatomie, anatomiese monsters en kliënte aan te toon dat 'n gevinstigde waardesisteem onderliggend is en dat daar eties korrek en binne verlangde parameters opgetree word.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50					
<b>Modulekode:</b> <b>MBWK112</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5a(5)	<b>Krediete:</b> 12			
<b>Titel:</b>	Motoriese Leer					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>omvattende en sistematiese, resente kennis en begrip met betrekking tot die interaktiewe aard van die fisiese, kognitiewe en affektiewe ontwikkeling van die kind; motoriese aspekte, geheuestrukture en sekere leerhierargieë; klassifisering van bewegings en bewegingsvermoëns; groei en rydingstendense in bewegingsontwikkeling sowel as bewegings-agterstande; individualiteit van sporttalent en talentidentifisering in sport te kan toepas;</li> <li>om kennis van groei van toepassing te maak op sport- en bewegingsvaardighede by kinders van verskillende ouderdomsgroep; bewegingsvermoë te klassifiseer;</li> </ul>						

- die motoriese en fisieke ontwikkelingsvlak en gepaardgaande perseptueel-motoriese vaardighede van kinders van verskillende ouderdomsgroepe te ontleed;
- etiese verantwoorde benadering/handeling ten opsigte van motoriese ontwikkeling en die aanleerproses te openbaar.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50		
<b>Modulekode:</b> <b>MBWK114</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5b(6)	<b>Krediete:</b> 12
<b>Titel:</b>	Sportorganisasie en -administrasie		

#### **Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- kennis en vaardighede van menslike beweging te integreer met beginsels van rekreasie en avontuurprakteke wat vir sport, gesondheid en menslike ontwikkeling toepaslik is in die verwerving van toegepaste bevoegdhede deur probleemoplossing, uitvoering van projekte, hantering van lewenswerklike gevalle studies en praktekgerigte scenario's;
- individueel of in groepe bewysgedreve interpretasie deur analise, sintese en evaluering aan navorsingsresultate te kan heg deur dit teorieë te kan funderen en dit met behulp van IT skriftelik en mondeling te kan kommunikeer aan leke en professionele gehore;
- dit te kan demonstreer dat in die bereiking van uitkomste, die beredenerings en kommunikasie gebaseer is op 'n suwer wêrelde- en menseskouing en 'n gevestigde waardesisteem.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50		
<b>Modulekode:</b> <b>MBWK216</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5b(6)	<b>Krediete:</b> 8
<b>Titel:</b>	Biomechanika		

#### **Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- kennis en begrip van die sleuteltermie, reëls, begrippe en teorieë van toepassing op Biomechanika in navorsing te demonstreer, beredeneer en kommunikeer;
- die kernprosedures en tegnieke nodig vir die analise, identifikasie en evaluering van sportverwante bewegings te kan kies en toepas;
- individueel en in 'n groep inligting oor biomechaniese verwante aspekte in sport en beserings te identifiseer, interpreteer, bespreek en in die vorm van 'n verslag te integreer;
- biomechaniese-verwante sportvraagstukke vanuit 'n waarde-perspektief krities te kan bespreek en 'n gefundeerde opinie daaroor te kan lewer;
- insig te toon in die veld van Biomechanika en in staat wees om u kennis toe te pas in sportkunde en sportafrigting, biokinetika, oefenkunde, rekreasie en avontuur;
- etiese en verantwoordelik op te tree tydens die toepassing van biomechanikanavorsing en afrigting.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50		
<b>Modulekode:</b> <b>MBWK217</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5b(6)	<b>Krediete:</b> 8
<b>Titel:</b>	Sportbeserings		

#### **Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- 'n effektiewe sport gesondheidsorgsysteem te vestig;
- die patofisiologie, biomechanika en herstel van beserings te verstaan en weer te gee;
- kennis beskik vir die voorkoming en beperking van sportverwante beserings;
- individueel en in 'n multidisiplinêre spanverband die oorsake, erkenning/identifisering en behandeling van spesifieke sportbeserings en toestande kan hanteer;
- pasiëntevaluasie wetmatig en binne die etiek van noodhulp te kan toepas. Die basiese anatomie, fisiologie, patofisiologie en noodbehandeling van die volgende toestande verstaan, identifiseer en behandel: Respiratoriële, kardio-vaskulêre, senuwee, biologiese, muskuloskeletal en aanverwante trauma toestande.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50					
<b>Modulekode:</b> <b>MBWK218</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b>	<b>Krediete: 8</b>			
<b>Titel:</b>	Inleiding tot Sportbeserings					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n effektiwe sport gesondheidsorgsisteem te vestig;</li> <li>• kennis beskik vir die voorkoming en beperking van sportverwante beserings;</li> <li>• individueel en in 'n multidissiplinêre spanverband die oorsake, erkenning/identifisering en behandeling van spesifieke sportbeserings en toestande kan hanteer;</li> <li>• pasiëntevaluasie wetmatig en binne die etiek van nooddhulp te kan toepas. Die basiese anatomie, fisiologie, patofisiologie en noodd behandeling van die volgende toestande verstaan, identifiseer en behandel: Respiratoriëse, kardiovaskuläre, senuwee, biologiese, muskuloskeletal en aanverwante trauma toestande.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50					
<b>Modulekode:</b> <b>MBWK219</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b>	<b>Krediete: 8</b>			
<b>Titel:</b>	Sport- en Oefenfisiologie I					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n grondige kennis oor verskeie oefenfisiologiese beginsels te toon met spesialisering in homeostase en ewewig, akute en chroniese respons van oefening en inoefening op liggaamsfunksies en die prosesse daarby betrokke asook die invloed van voeding op prestasie en die metabolisme en hormonale prosesse betrokke asook die funksionering en neurale beheer van die skeletspier;</li> <li>• praktiese vaardigheid te toon om gevallestudies met betrekking tot bogenoemde situasies te kan oplos en raadgwend op te tree teenoor individuele behoeftes;</li> <li>• bogenoemde vaardighede uit te voer met inagneming van menswaardigheid van die individu.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	60 : 40					
<b>Modulekode:</b> <b>MBWK223</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b>	<b>Krediete: 8</b>			
<b>Titel:</b>	Kinantropometrie					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• velvoue, omtrekke, liggaamsmassa, liggaamslengte en deursneemates korrek en volgens die internasionale standaarde kan neem;</li> <li>• teoretiese aspekte soos die bepaling van vetersentasie, somatotipering, basiese anatomie, die metingsfout ens. verstaan en ook in die praktyk te kan toepas;</li> <li>• liggaamsmetings op pasiënte/sportlui uit te voer, te konsulteer en verslagskrywing hiervan te kan doen;</li> <li>• bewus te wees van die grondslag rakende etiese reëls en normes rakende die hantering van persone tydens liggaamsmeting.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50					
<b>Modulekode:</b> <b>MBWK225</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b>	<b>Krediete: 8</b>			
<b>Titel:</b>	Sport- en oefenfisiologie II					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• grondige kennis oor verskeie oefenfisiologiese beginsels te toon met spesialisering in pulmonêre en kardiovaskuläre respons of oefening en inoefening, adaptasies weens aërobiese</li> </ul>						

en anaërobiese oefening en die invloed van die omgewing op oefening, die invloed van immunologie asook ergogeniese middels op sport;						
<ul style="list-style-type: none"> <li>praktiese vaardigheid te toon om die bogenoemde oefenfisiologiese response en voorkomste te identifiseer en analiseer en krities oplossings te integreer;</li> <li>bogenoemde vaardigheid uit te voer met inagneming van die menswaardigheid van die individu.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds						
<b>Assesseringsmetodes:</b> 60 : 40						
<b>Modulekode:</b> <b>MBWK226</b>	<b>Semester 2</b>		<b>NKR-Vlak:</b> 5b(6) <b>Krediete:</b> 8			
<b>Titel:</b>	Sport- en oefenpsigologie					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>'n goeie begrip te toon van die ontstaan, ontwikkeling, toekomsvoortsigte en afbakening van die Sport- en Oefenpsigologiterrein ten einde potensiële beroepsmoontlikhede of toe-passingsveld te identifiseer;</li> <li>goed onderlê te wees in sekere grondbeginsels wat sportlui se gedrag beïnvloed (waaronder persoonlikheid, motivering, opwekking, stres en angs) dat jy hierdie effek kan beskryf, evalueer en toepas;</li> <li>die voorkoms van uitbranding en ooroefening binne kompeteterende sport te kan identifiseer, voorkom of aansprek ten einde by te dra tot die sportman of -vrou se totale welstand en gesondheid;</li> <li>sekere basiese sportpsigologiese vaardighede (aktiveringsbeheer, beelding, selfvertroue, doelwitstelling en konsentrasie) op 'n wetenskaplik verantwoordbare wyse binne 'n goed ontwikkelde sportpsigologiese vaardigheidsprogram te kan faciliteer ten einde sportprestasies te bevorder;</li> <li>ortuigings ten opsigte van die toekomsmoontlikhede van die Sport- en Oefenpsigologiese vak-inhoud binne groter konteks van die Menslike Bewegingskundeveld te formuleer en uit te leef.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds						
<b>Assesseringsmetodes:</b> 50 : 50						
<b>Modulekode:</b> <b>MBWK315</b>	<b>Semester 1</b>		<b>NKR-Vlak:</b> 6(7) <b>Krediete:</b> 16			
<b>Titel:</b>	Toegepaste Oefenfisiologie					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>afgeronde kennis van oefenfisiologie, anatomie, verskillende weerstandsoefeninge en oefningsapparaat wat in verband staan met weerstandsprogrammering in probleemplossing te kan demonstreer en spesifieke oefningsriglyne en kliente-behoeftes in ag kan neem by die uitvoering van spesifieke weerstandsoefeninge binne die gimnasium-omgewing;</li> <li>om van sekere literatuur gebruik te maak om bewys te lever vir weerstandsprogramperiodisering en die uitvoering van weerstandsoefeninge vir spesifieke behoeftes;</li> <li>konsepte, terminologieë, konvensie, formate, ens korrek in samestelling/formulering van weerstandsoefeninge te kan gebruik;</li> <li>in alle vorms van kommunikasie aan te toon dat 'n gevestigde waardesisteem onderliggend is en dat daar eties korrek en binne verlangde parameters opgetree word in weerstandsoefningsbeplanning, uitvoering daarvan en ander samehangende aspekte in aanmerking geneem is.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds						
<b>Assesseringsmetodes:</b> 60 : 40						
<b>Modulekode:</b> <b>MBWK316</b>	<b>Semester 1</b>		<b>NKR-Vlak:</b> 6(7) <b>Krediete:</b> 16			
<b>Titel:</b>	Biokinetika					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>die ontstaan, handelinge en etiek van Biokinetika te verstaan en te kan weergee;</li> <li>verskillende vakspesifieke teorieë, terminologieë en definisies te kan weergee en toepas;</li> <li>die fisiologiese en oefenfisiologiese beginsels van fisiese aktiwiteit, fisiese fiksheid, oefening en</li> </ul>						

inoefening as voorkomende en behandelings modaliteite volledig verstaan, interpreteer en toe te pas binne die werksomgewing;

- die invloed van hipokinetiek op gesondheid verstaan, identifiseer en bepaalde leefstylaanpassings kan implementeer;
- om die impak van veroudering en dekondisionering op die kardiovaskuläre, pulmonäre, musko-skeletale, senuwee en immuniteit sisteme te verstaan, weer te gee en dit te voorkom;
- beroep spesifieke fisopatologie en psigopatologie in verband met gesondheid te bring om bepaalde risiko stratifikasie, intervensie en voorkomende strategieë te implementeer;
- 'n elementêre kennisbasis en samehangende en kritiese begrip te demonstreer van die belangrikste etiese probleme wat met die vakgebied geassosieer word asook die belangrikste grondslagvrae in die vakgebied;
- etiese kwessies in die hantering van pasiënte en –inligting krities te kan ontleed en bespreek.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50	
<b>Modulekode:</b> <b>MBWK324</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 6(7) <b>Krediete:</b> 16
<b>Titel:</b>	Navorsingsmetodologie	

#### Module-uitkomste:

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- 'n omvattende en sistematische kennis beskik wat gebaseer is op 'n begrip van wetenskaplike navorsing wat die volgende insluit: die seleksie van 'n komplekse en werklike wêrldprobleem; die opsporing en gebruik van die geskikte verwysings; die kritisering van navorsingstudies; die gebruik van stappe van wetenskaplike navorsing; die tipe van proefpersoonseleksies en die gevoldlike skryf van 'n literatuuroorsig in MBW deur van die NWU-styl gebruik te maak;
- 'n samehangende en kritiese begrip hê van navorsingsmetodes in Menslike Bewegingskunde sowel as terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë; en die vermoë om die nuwe kennis op 'n gegeue liggaam van teorie toe te pas;
- 'n begrip van die verskillende tipes van navorsingsmetodes van ondersoek wat in Menslike Bewegingskunde gebruik word, kan toon;
- die vermoë toon om met konkrete en abstrakte probleme en kwessies te handel deur gebruik te maak van bewysebaseerde oplossings en teorie-gedreve argumente in Menslike Bewegingskunde;
- die vaardighede toon om statistiese analises, tabelle, beskrywende verskille tussen/in groepe en verbande tussen/in veranderlikes epidemiologies en deur middel van kwalitatiewe en eksperimentele navorsing te interpreteer en op te som deur 'n navorsingsverslag op te stel deur die gebruik van die geskikte IT-vaardighede;
- die vermoë toon om navorsingsbevindinge te debatteer en dan mondelings sowel as geskrewe kan kommunikeer deur gebruik te maak van die geskikte tegnologieë en eties korrek op te tree in die uitvoering van alle take.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50	
<b>Modulekode:</b> <b>MBWK325</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 6(7) <b>Krediete:</b> 16
<b>Titel:</b>	Toegepaste Oefenkundepraktyk	

#### Module-uitkomste:

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- 'n afgeronde kennis van oefenfisiologie, anatomie en oefeningsapparaat wat in verband staan met basiese weerstands-, interval-, soepelheids-, pliometrie- en gewigsverlies-programmering in probleemplossing te kan demonstreer en spesifieke oefeningsriglyne en kliënte-behoeftes in ag kan neem by die samestelling, motivering, analise, evaluering en aanpassing sowel as uitvoering van sulke tipe programme;
- voedingsriglyne met betrekking tot mikro- en makro-nutriënte vir sportlui te kan deurgee sowel as riglyne met betrekking tot pre-, tydens en postkompetisie-maaltye en orale rehidrasie-oplossings en dié inligting te kan toepas om gevalle-studieprobleme op te los;
- in alle vorms van kommunikasie aan te toon dat 'n gevinstige waardesistuum onderliggend is en dat daar eties korrek en binne verlangde parameters opgetree word in oefningsbeplanning,

uitvoering daarvan en ander samehangende aspekte in aanmerking geneem is.				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Prakties			
<b>Modulekode:</b> <b>MBXA124 OF MBXC124 OF MBXR124 OF MBXS124</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5a(5)</b> <b>Krediete: 12</b>		
<b>Titel:</b>	Spelvaardigheidsontwikkeling in Atletiek OF Krieket OF Rugby OF Sokker			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>feitekennis rakende verskillende aspekte van suksesvolle afrigters, -afrigting, lesplanopstelling, vaardighedsaanlering en reëls te kan weergee;</li> <li>lesplanne saam te stel, te organiseer, uit te voer, aan te pas en binne 'n afrigtingsituasie te kan toepas;</li> <li>voor-kompetisie en kompetisie programme vir verskillende groepe spelers te kan beplan, opstel en te kan aanbied;</li> <li>die wetenskaplike program waarvolgens nuwe vaardighede aangeleer moet word te bemeester en effektiel tydens praktiese sessies toe te pas;</li> <li>effektiewe afrigting aan spelers te bied (met inagneming van hul motoriese-, sosiale-, psigologiese vlak van ontwikkeling) ten einde 'n lewenslange belangstelling in die sportsoort te bewerkstellig en die korrekte tegniek vir vaardighede te vestig.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50			
<b>Modulekode:</b> <b>MBXA211 OF MBXN211 OF MBXS211 OF MBXT211</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b> <b>Krediete: 8</b>		
<b>Titel:</b>	Afrigtingskunde in Atletiek OF Netbal OF Swem OF Tennis			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>feitekennis rakende verskillende aspekte van suksesvolle afrigters, afrigting, lesplanopstelling, vaardighedsaanlering en reëls te kan weergee;</li> <li>lesplanne saam te stel, te organiseer, uit te voer, aan te pas en binne 'n afrigtingsituasie te kan toepas;</li> <li>voor-kompetisie en kompetisie programme vir verskillende groepe spelers te kan beplan, opstel en aanbied;</li> <li>die wetenskaplike program waarvolgens nuwe vaardighede aangeleer moet word te bemeester en effektiel tydens praktiese sessies toe te pas;</li> <li>effektiewe afrigting aan spelers te bied (met inagneming van hul motoriese-, sosiale-, psigologiese vlak van ontwikkeling) ten einde 'n lewenslange belangstelling in die sportsoort te bewerkstellig en die korrekte tegniek vir vaardighede te vestig.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50			
<b>Modulekode:</b> <b>MBXA225 OF MBXC225 OF MBXR225 OF MBXS225</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b> <b>Krediete: 16</b>		
<b>Titel:</b>	Spelvaardigheidstoepassing in Atletiek OF Krieket OF Rugby OF Sokker			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>spelers op 'n wetenskaplike wyse te kan afrig in die toepassing van die spelvaardighede, spelfasette, en spesiale spel in spelverband.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50			

<b>Modulekode:</b> <b>MBXA324 OF MBXC324 OF MBXR324 OF MBXS324</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b> <b>Krediete: 32</b>		
<b>Titel:</b>	Afrigtingskunde Praktyk in Atletiek OF Krieket OF Rugby OF Sokker			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>aan alle fasette rakende die afrigtingsberoep met betrekking tot die betrokke sport blootgestel te wees en kry hulle geleenthed om dit prakties in te oefen.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Prakties			
<b>Modulekode:</b> <b>MBXG114</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5a(6)</b> <b>Krediete: 8</b>		
<b>Titel:</b>	Afrigtingskunde in Gholf			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>die vermoë te toon om basiese gholfvaardighede uit te voer;</li> <li>die reëls van die spel te ken en te kan toepas;</li> <li>kennis te toon van effektiewe beplanningsvaardighede om suksesvol as gholfafriger te kan optree;</li> <li>prakties 'n effektiewe afrigtingssessie vir ander studente aan te bied;</li> <li>etiese gebruikte van die spel korrek te verstaan en toe te pas.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50			
<b>Modulekode:</b> <b>MBXG221 OF MBXH221 OF MBXK221 OF MBXR221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5a(5)</b> <b>Krediete: 8</b>		
<b>Titel:</b>	Afrigtingskunde in Gimnastiek OF Hokkie OF Krieket OF Rugby			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<b>Gimnastiek</b>				
<ul style="list-style-type: none"> <li>kennis te demonstreer van tegnieke, hulpverlening en aanleermetodes en foutontleding in gimnastiek;</li> <li>die vermoë te toon om basiese gimnastiekvaardighede uit te voer;</li> <li>in die onderrig-/leersituasie gimnastiekvaardigheid te verbeter deur goed te beplan/ ontwerp/in te oefen;</li> <li>kennis te toon van effektiewe beplanningsvaardighede om suksesvol as gimnastiek-afriger te kan optree in 'n klubsitusie;</li> <li>aan al die vereistes wat gestel word om as 'n General Sports Leader afriger te kan kwalifiseer, te voldoen;</li> <li>kennis oor veiligheidsmaatreëls, gimnastiekbeserings en die behandeling daarvan, te demonstreer;</li> <li>die proses van talentidentifisering in gimnastiek te kan verduidelik, demonstreer en toepas;</li> <li>beserings van toepassing op gimnastiek te kan identifiseer, en behandel, asook voorkomende veiligheidsmaatreëls te kan beplan en uitvoer;</li> <li>sportwetenskaplike beginsels soos biomekaniese kennis en jaarprogrambeplanning, te kan toepas in die afronding van gimnastiekbewegings;</li> <li>'n eties verantwoorde houding/benadering jeens gimnastiekafrigting en talent-identifisering in gimnastiek te openbaar;</li> <li>effekief in groepsverband/spanverband saam te werk.</li> </ul>				
<b>Hokkie</b>				
<ul style="list-style-type: none"> <li>die wetenskaplike program waarvolgens nuwe vaardighede aangeleer moet word te bemeester en effekief tydens praktiese sessies toe te pas;</li> <li>effekiewe afrigting aan kinders te bied, (met inagneming van hul motoriese-, sosiale-, psigologiese vlak van ontwikkeling) ten einde 'n lewenslange belangstelling in die sportsoort te bewerkstellig en die korrekte tegniek vir hokkievaardighede te vestig;</li> </ul>				

- kennis te demonstreer van tegnieke, hulpverlening en aanleermetodes en fountontleding in hokkie;
- in die onderrig-/leersituasie hokkievaardigheid te verbeter deur goed te beplan/ontwerp/in te oefen;
- kennis te toon van effektiewe beplanningsvaardighede om suksesvol as hokkieafritter te kan optree in 'n klub en/of skoolsituasie;
- effektief in groepsverband/spanverband saam te werk.

### Krieket

- die wetenskaplike program waarvolgens nuwe vaardighede aangeleer moet word te bemeester en effektief toe te pas tydens oefensessies;
- kennis aangaande die biomekaniese aspekte van die spel se grondbeginsels op 'n praktiese toepasbare wyse te ontwikkel en prakties toe te pas;
- te weet watter beserings in dié sportsoort algemeen voorkom;
- te weet hoe u as Sportkundige en Menslike Bewegingskundige te werk moet gaan om die beseringsproblematiek aan te spreek in u voorname hoedanigheid as krieketafriger;
- as Christen deurgaans u optrede as africhter in die lig van God se Woord te kan verantwoord;
- die bemeesterding van genoemde uitkomste behoort u in staat te stel om:
  - 'n Verenigde Krieketraad van Suid Afrika Africhter sertifikaat (Vlak 1) te kan verwerf\*
  - 'n Suid Afrikaanse Krieket Skeidsregters Vereniging (Vlak D) Sertifikaat te kan verwerf\*
 Beide bogenoemde sertifikate kan opsioneel verwerf word (met addisionele koste en kursusbywoning) en sal op aanvraag met die Noordwes Krieketunie gereël word.

### Rugby

- die vermoë te toon om basiese rugbyvaardighede uit te voer;
- in die onderrig-/leersituasie rugbyvaardighede te verbeter deur goed te beplan/ontwerp/en in te oefen;
- kennis te toon van effektiewe beplanningsvaardighede om suksesvol as rugby-africhterafrichter te kan optree in 'n klub-situasie;
- prakties 'n effektiewe africhtingssessie vir ander studente aan te bied.

**Metode van aflewering:** Voltyds

**Assesseringsmetodes:** 50 : 50

<b>Modulekode:</b> MBXK124	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5a(6) <b>Krediete:</b> 12
-------------------------------	-------------------	---

**Titel:** Generiese Sportafrichtingskunde

### Module-uitkomste:

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- die verskillende hoedanighede van 'n africhter te vertolk en spelers (van alle ouderdomme envlakke van deelname) op 'n wetenskaplik en eties verantwoorde wyse te onderrig in die verskillende grondbeginsels van die sport, ten einde optimale prestatie te bevorder;
- die basiese/fundamentele kennis en eise wat die africhtersberoep in sport stel, te kan beskryf en motiveer;
- die verskillende doelstellings van die africhter te identifiseer en u eie africhtingsdoelstellings daaruit te formuleer;
- u eie benadering tot africhting gegrond op die verskillende hoedanighede- en doelstellings van africhting, te ontwikkel en toe te pas;
- praktiese vaardighede met betrekking tot interpersoonlike interaksie te ontwikkel en in africhtingsituasies toe te pas;
- kommunikasievaardighede tydens die africhtingsproses te gebruik;
- sport en speletjies te gebruik om spelers in spesifieke africhtingsomstandighede te ontwikkel;
- wetenskaplike beginsels te identifiseer wat kan bydra tot die ontwikkeling van vaardighede en taktiek;
- wetenskaplike beginsels met betrekking tot interaksie van vaardighede en praktiese toestande te ontleed en aan te pas.

**Metode van aflewering:** Voltyds

**Assesseringsmetodes:** 50 : 50

<b>Modulekode:</b> <b>MBXR112</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5a(5)</b> <b>Krediete: 12</b>		
<b>Titel:</b>	Supplementasie en Ergogeniese middels			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
• te kan onderskei tussen die verskillende kategorieë van ergogeniese middels;				
• te onderskei tussen wettige en onwettige middels in sport;				
• verslag te doen oor die etiese aspekte rakende die gebruik van ergogeniese middels in sport;				
• breedvoerig die verskillende produkte te kan bespreek wat sportlui as supplementasie gebruik;				
• sekere definisies met betrekking tot supplementasie in sport te kan weergee.				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50			
<b>Modulekode:</b> <b>MBXR114</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5a(5)</b> <b>Krediete: 12</b>		
<b>Titel:</b>	Basiese Anatomie en Energiesisteme			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
• die verskillende begrippe wat in anatomie gebruik word te kan definieer en toepas in die identifisering en beskrywing van die verskillende skeletale en muskulêre strukture;				
• die anatomiese strukture van die verskillende bene (skeletale sisteem) en gewrigte (artikulêre sisteem) sowel as primêre spiere (muskulêre sisteem) skriftelik en mondelings te kan noem en identifiseer;				
• te verstaan hoe die verskillende fisiologiese prosesse in die liggaam by korttermyn- en langtermynoefening aanpas deur na die inoefening van die verskillende energiesisteme te verwys.				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50			
<b>Modulekode:</b> <b>MBXR214</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b> <b>Krediete: 8</b>		
<b>Titel:</b>	Sportfisiologie in Praktyk			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
• besondere kennis en begrip te demonstreer van feite, sleutelterme, beginsels, reëls en teorieë van obesiteit, weerstand en interval werk asook van oefningsapparate en -tegnieke;				
• vaardighede te demonstreer om kennis, metodes en tegnieke op eties verantwoordelike wyse toe te pas om die voorkoms van obesiteit te identifiseer en moontlike fisiologies gefundeerde oplossings te formuleer en gewigsverliesprogramme te ontwikkel om die gewenste resultate te lewer;				
• vermoë te demonstreer om sportfisiologiese probleme te identifiseer, te analiseer en evalueer en dan op verantwoordbare wyse wetenskaplike kennis en vaardighede toe te pas om oplossings binne die kondisioneringsprogram te kan voorstel en implementeer om sportprestasie te bevorder;				
• resultate en voorstelle op verantwoordelike, betroubare en akkurate wyse skriftelik, mondelings en/of deur demonstrasies te kommunikeer.				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50			
<b>Modulekode:</b> <b>MBXR216</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b> <b>Krediete: 16</b>		
<b>Titel:</b>	Spelanalises en –voorbereiding			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
• onderskeid te tref tussen die verskillende wedstrydplanne;				
• spelanalises te kan doen en die resultate daarvan te kan interpreteer;				
• in die lig van bogenoemde analises vir sy eie span die mees gesikste wedstrydplan saam te				

stel en dan sy span diensooreenkomsdig fisiek en takties voor te berei.						
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50					
<b>Modulekode:</b> <b>MBXR217</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 6(7)	<b>Krediete:</b> 8			
<b>Titel:</b>	Sportbestuur					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• toepaslike feitekennis met betrekking tot bestuurstake in sport te kan toepas;</li> <li>• verskeie definisies met betrekking tot sportbestuur te ken en kan weergee;</li> <li>• bestuurs kommunikasievaardighede prakties en teoreties te kan weergee;</li> <li>• 'n finansiële bestuurstelsel van 'n sportklub te kan verstaan en self te ontwikkel.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50					
<b>Modulekode:</b> <b>MBXR218</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 6(7)	<b>Krediete:</b> 16			
<b>Titel:</b>	Sportkommersialisering, Sportontwikkeling en Sportreg					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<b>Sportkommersialisering</b>						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die definisie van sportkommersialisering te verstaan en kan verduidelik;</li> <li>• strategiese bemarkingsbestuur te kan ontleed, verstaan en toepas;</li> <li>• 'n sportbemarkingsplan ten volle te kan ontwikkel en implimenteer;</li> <li>• te bepaal en te verstaan wat die verskillende gedragspatrone van die sportverbruiker is;</li> <li>• marksegmentering te kan definieer en verduidelik, asook die strategieë en taktieke;</li> <li>• die sportproduksie, promosies, verkoop en prys strategieë te verstaan en effekief toe te pas.</li> </ul>						
<b>Sportontwikkeling</b>						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• faciliteite vir sportontwikkeling te kan bestuur;</li> <li>• 'n volledige sessie te kan beplan, uitwerk en toepas met die kinders;</li> <li>• 'n klub te kan stig;</li> <li>• die sportstrukture van Suid-Afrika te verstaan.</li> </ul>						
<b>Sportreg</b>						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die wet te kan toepas op sport met inagneming van die algemene wet, kriminele wet en siviele wet;</li> <li>• te verstaan hoe 'n klub/assosiasie/ongeaffilieerde assosiasie se konstitusie volgens die wetlike aspekte ontstaan en opgestel word;</li> <li>• te weet wat sê die wet oor beserings tydens wedstryde tussen twee of meer partye, dissiplinêre prosesse en wie die verantwoordelike persone is tydens byeenkomste/ toernooie;</li> <li>• kennis aangaande handelsmerke en hul wetlike aspekte soos kopiereg, patente reg en etiese konsepte ten volle te verstaan;</li> <li>• 'n persoon indiens te neem volgens die riglyne van die wet op arbeidsverhoudinge en 'n kontrak op te stel met al die wetlike spesifikasies.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50					
<b>Modulekode:</b> <b>MBXR219</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5b(6)	<b>Krediete:</b> 8			
<b>Titel:</b>	Sportorganisasie en –administrasie					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis en vaardighede van menslike beweging te integreer met beginsels van rekreasie en avontuurpraktyke wat vir sport, gesondheid en menslike ontwikkeling toepaslik is in die verwerwing van toegepaste bevoegdhede deur probleemoplossing, uitvoering van projekte, hantering van lewenswerklike gevalle studies en praktykgerigte scenario's;</li> <li>• individueel of in groepe bewysgedrewe interpretasie deur analise, sintese en evaluering aan</li> </ul>						

<p>navorsingsresultate te kan heg deur dit teoreties te kan fundeer en dit met behulp van IT skriftelik en mondeling te kan kommunikeer aan leke en professionele gehore;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>dit te kan demonstreer dat in die bereiking van uitkomste, die beredenerings en kommunikasie gebaseer is op 'n suwer wêrelde- en mensbeskouing en 'n gevestigde waardesisteem.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds						
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50					
<b>Modulekode:</b> MKNB121	<b>Semester 2</b>		<b>NKR-Vlak:</b> 5a(5) <b>Krediete:</b> 12			
<b>Titel:</b>	Mikrobiologie vir Verpleegkunde					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>'n oorsig van prokariotiese en eukariotiese selstrukture en selfunksie, mikrobiële diversiteit en die beheer van mikroorganismes deur fisiese en chemiese middles te kan gee;</li> <li>verskillende aspekte rakende infektiewe siektetoestande wat deur die belangrikste bakteriëë, fungi, virusse en protosoe veroorsaak word te kan bespreek;</li> <li>kundigheid ten opsigte van die spesifieke en nie-spesifieke meganismes van die gasheer se verdediging teen infektiewe siektes te demonstreer.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds						
<b>Assesseringsmetodes:</b>						
<b>Modulekode:</b> MKBX213	<b>Semester 1</b>		<b>NKR-Vlak:</b> 6 <b>Krediete:</b> 8			
<b>Titel:</b>	Mikrobiologie vir Voedsel en Voeding					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>u kennis met betrekking tot die Mikrobiologiese aspekte van laboratoriumtegnieke, voedselvoorbereiding en -berging, asook die mikrobiologiese veiligheid van voedsel op 'n geselekteerde wyse te demonstreer;</li> <li>basiese laboratoriumtegnieke wat in 'n Mikrobiologiese laboratorium gebruik word, toe te pas;</li> <li>u vaardighede met betrekking tot elementêre navorsingstegnieke, groepwerk, die skryf van verslae en probleemplossing deur middel van gevallestudies te toon.</li> <li>streg etiese beginsels in alle omstandighede te handhaaf en deurgaans respek vir lewe te toon.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds						
<b>Assesseringsmetodes:</b>						
<ul style="list-style-type: none"> <li>'n Minimum van 40% word vereis om die geskrewe evaluering te slaag.</li> <li>Die modulepunt word uit die formatiewe en summatiewe assessering in die verhouding van 1:1 verwerk.</li> <li>'n Minimum van 50% word vereis om die module te slaag.</li> </ul>						
<b>Modulekode:</b> MKNP111 [G413P]	<b>Semester 1</b>		<b>NKR-Vlak:</b> 5 <b>Krediete:</b> 12			
<b>Titel:</b>	Mikrobiologie vir Farmasie					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>'n oorsig van prokariotiese en eukariotiese selstrukture en selfunksie, mikrobiële diversiteit en die beheer van mikroorganismes deur fisiese en chemiese middles te kan gee.</li> <li>kundigheid ten opsigte van mikrobiële patogenisiteit en epidemiologie sowel as die spesifieke en nie-spesifieke meganismes van die gasheer se verdediging teen infektiewe siektes te demonstreer.</li> <li>die kliniese syndrome van spesifieke mikrobiële infektiewe siektes, diagnose, voorkoming en behandeling van spesifieke mikrobiële infektiewe siektes te kan bespreek</li> </ul>						
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds						
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1x 2 uur					

<b>Modulekode:</b> <b>MKPN211 (G412P)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b> <b>Krediete: 8</b>		
<b>Titel:</b>	Mikrobiologie vir Farmasie			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n oorsig van prokariotiese en eukariotiese selstrukture en selfunksie, mikrobiële diversiteit en die beheer van mikroorganismes deur fisiese en chemiese middels te kan gee.</li> <li>• kundigheid ten opsigte van mikrobiële patogenisiteit en epidemiologie sowel as die spesifieke en nie-spesifieke mekanisme van die gasheer se verdediging teen infektiewe siektes te demonstreer.</li> <li>• die kliniese syndrome van spesifieke mikrobiële infektiewe siektes, diagnose, voorkoming en behandeling van spesifieke mikrobiële infektiewe siektes te kan bespreek</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>				
<b>Modulekode:</b> <b>NFSY311</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b> <b>Krediete: 16</b>		
<b>Titel:</b>	Voeding en voedsel sekuriteit			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n gedetailleerde kennis van die konsepte en aspekte wat verwant hou met voedsel en voeding (nutriënt)-sekuriteit;</li> <li>• 'n gedetailleerde kennis en verstaan van die instrumente wat gebruik word om voedsel en voeding-sekuriteit te assesseer en te analiseer;</li> <li>• die vermoë om die geskikte metodes te identifiseer, te evalueer, te selekteer en toe te pas in die proses om die beste strategieë vir voedsel en voeding-sekuriteit te ondersoek en te ontwikkel; en</li> <li>• die vermoë om effektiel saam te werk in 'n span en om 'n etiese verantwoordbare benadering ten toon te stel om die gestelde uitkomste van die relevante module te bereik.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids			
<b>Modulekode:</b> <b>NPCM471</b>	<b>Semester 1 &amp; 2</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b> <b>Krediete: 24</b>		
<b>Titel:</b>	Voedingpraktyk vir gemeenskappe			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Beide as individu en as lid van 'n span, vanuit 'n gevinstige waardestelsel 'n deeglike vermoë te toon om die dietetikale probleme en behoeftes van groepe en individue binne die gemeenskap te assesseer en te ontleed;</li> <li>• 'n Vermoë te toon vir die ontwikkeling, ontwerp, implementering, monitering en evaluering van 'n geskikte intervensieprogram binne die gemeenskap;</li> <li>• Toepaslike opvoedkundige riglyne te gebruik om interaktiewe kontaksessies vir kwesbare groepe persone in 'n gemeenskap te beplan, te faciliteer deur geskikte hulpbronne te gebruik, en te evalueer deur middel van spesifieke kriteria;</li> <li>• Bewys te lever van 'n etiese verantwoordelike benadering tot die bestuur en implementering van gemeenskapsvoedingsdienste en -programme.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids			
<b>Modulekode:</b> <b>NPPM471</b>	<b>Semester 1 &amp; 2</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b> <b>Krediete: 24</b>		
<b>Titel:</b>	Voeding, beleid, programmering en bestuur			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Beide as individu en as lid van 'n span, vanuit 'n gevinstige waardestelsel grondige kennis en begrip van die nasionale voedingsbeleid, riglyne, en die Geïntegreerde Voedingsprogram te</li> </ul>				

toon;						
<ul style="list-style-type: none"> <li>Die vermoë te toon om as deel van 'n multi- en interdissiplinêre groep deel te vorm van die ontwikkeling van 'n voedsel- en voedingsbeleid vir die distrik; insluiting en implementering van interne en eksterne beleid in bestuur;</li> <li>Dieetkundige epidemiologiese gewewens en ander tersaakklike data te gebruik vir die vasstelling van kritiese kwessies tydens die beplanning, ontwerp, monitering en evaluering van geskikte prosesse om voeding in die distrik te verbeter;</li> <li>Praktiese vaardighede te toon om die gereedskap van die Distriksgesondheids-inligtingstelsel (DGIS) sagteware-program tot sy volle potensiaal te gebruik ten einde die gehalte van data, aanduiders, verslae en terugvoer te verbeter; Die vermoë te toon om toegang te verkry tot die opleidingsbehoeftes van individue en/of groepe binne gemeenskappe/instellings wat by voedingsdienslewering en ontwikkeling van geskikte opvoedkundige programme betrokke is.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds						
<b>Assesseringsmetodes:</b> Sien studiegids						
<b>Modulekode:</b> NPRG321	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 6(7) <b>Krediete:</b> 16				
<b>Titel:</b>	Voedingprogrammering					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>'n omvattende en sistematiese kennis en begrip van die voedingsprogrammeringsproses kan demonstreer;</li> <li>omvattende kennis en begrip van die suksesfaktore in voedingsprogrammering kan demonstreer; en</li> <li>omvattende kennis en begrip kan demonstreer van die relevante en toepaslike intervensies in Suid-Afrika om voedingsprobleme op te los.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 3 uur 1 : 1					
<b>Modulekode:</b> NTPH411	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 8 <b>Krediete:</b> 16				
<b>Titel:</b>	Voeding in openbare gesondheid					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>Omvattende begrip te toon van die benadering tot openbare gesondheid, konsepte en gebruikte om strategieë te ontwikkel om spesifieke voedingsverwante siektes te voorkom en te bestuur/beheer;</li> <li>Omvattende begrip te toon van die ingewikkeld verwantskappe tussen voeding en gesondheid, beide onder- en oorvoeding. n</li> </ul>						
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids					
<b>Modulekode:</b> NUTB111	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5 <b>Krediete:</b> 12				
<b>Titel:</b>	Inleiding tot die professies					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>uit die perspektief van 'n gevestigde etiese waardestelsel deeglike kennis en insig met betrekking tot die professionele vaardighede van 'n gekwalificeerde dieetkundige en voedingkundige kan demonstreer wanneer die relevante wette en regulasies van die Health Professions Council of South Africa toegepas word om die vernaamste loopbaanpaaie van die beroepe te identifiseer en daaraan deel te neem;</li> <li>as individu of as deel van 'n groep eenvoudige lewensegte situasies en probleme met betrekking tot die gedragskode vir professionele voedingkundiges en/of dieetkundiges, asook die gesondheidsprobleme eie aan die Suid-Afrikaanse bevolking, kan identifiseer, ontleed en evalueer en aanbevelings maak of oplossings daarvoor bied; en</li> <li>wetenskaplike inligting oor etiese gedrag, privaat praktyk en lewenslange leer kan versamel, evalueer en integreer in 'n verslag wat aan die toepaslike formaat en konvensies van die</li> </ul>						

dissipline voldoen, en dit ook mondeling aan 'n gehoor kan oordra..				
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids			
<b>Modulekode:</b> <b>NUTB112</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b> <b>Krediete: 12</b>		
<b>Titel:</b>	Inleiding tot voeding			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>voedingstatus en die gepaartgaande gesondheidsrisikos te evalueer</li> <li>die voedingstoereikendheid van 'n diet te evalueer en raad te gee om die voedings-toereikendheid daarvan te optimaliseer</li> <li>om 'n gebalanseerde diet vir die algemene publiek te beplan</li> <li>'n etiese benadering te toon ten opsigte van die beplanning en analisering van dieetplanne</li> </ul>				
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids			
<b>Modulekode:</b> <b>NUTB121</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b> <b>Krediete: 12</b>		
<b>Titel:</b>	Nutriënte			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>gedetailleerde kennis en begrip te demonstreer van die fisiese en chemiese aard van koolhydrate, metaboliese funksies en gesondheidseffekte daarvan; voedselbronne van vetsure van verskillende kettinglengtes en die fisiologiese effekte daarvan; die vervoer van lipiede in die bloed; proteinbronne; mikronutriënte; funksionele voedsels en fitochemikalieë;</li> <li>vaardighede te demonstreer om dieetprobleme te identifiseer en analiseer, diête te analiseer en evalueer; om onbekende probleme soos in lewenswerlike gevallestudies aangebied, te kan oplos, ondersteun deur toepassing van gepaste reëls, beginsels en teorië;</li> <li>effektiel en eties as individu of as lid van 'n span voorstelle en resultate aan portuurgroepe en professionele gehore mondelings te kommunikeer met behulp van relevante IT en skriftelik in verslagvorm, wat aan voorgeskrewe standarde beantwoord.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids			
<b>Modulekode:</b> <b>NUTB211</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: jaarvlak 2</b> <b>Krediete: 16</b>		
<b>Titel:</b>	Voeding tydens die lewensiklus			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>breedvoerige kennis en 'n duidelike begrip te toon van die fisiologiese en sosiologiese faktore wat voedingsbehoeftes en -inname tydens die lewensiklus beïnvloed, asook hoe hierdie kennis veband hou met die ontwikkeling en lewenskwaliteit van individue en groep tydens die verskillende fasies van die lewensiklus;</li> <li>voedingstoereikendheid van verskillende diête te analiseer en evalueer vir gesonde volwassenes, bejaardes, swangervrouens, lakterende moeders, babas, jong kinders, skoolgaande kinders, adolescentesse en aktiewe individue;</li> <li>praktiese aanbevelings te maak volgens die riglyne en professionele praktyksomvang, vir individue of groepe in verskillende fasies van die lewensiklus om hul voedingsstatus te optimaliseer;</li> <li>die groeipatrone van babas, jong kinders en skoolgaande kinders te evalueer en te interpreteer en die bevindinge in 'n logiese en professionele wyse te kommunikeer.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids			

<b>Modulekode:</b> NUTB311	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 7 <b>Krediete:</b> 24		
<b>Titel:</b>	Voeding: lewenstylsiekttetoestande vir voeding			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Selfversekerheid te toon oor die aard, etiologie, simptome, kliniese beeld, patologie, diagnoses van en medikasie vir siektes met dietekundige implikasies;</li> <li>• gevalliestudies te evalueer om bewys te lever van praktiese en teoretiese vaardighede rakende die verband tussen siektes, medisyne, die spysverteringsstelsel en voedingstof-wisselwerking;</li> <li>• 'n diet te ontwikkel of aan te pas ten einde 'n verwante siekte te monitor of te beheer;</li> <li>• die waarde van 'n spesiaal ontwerpdiет vir die prognose en beheer van spesifieke kwale te kan motiveer en evalueer;</li> <li>• vanuit 'n eties verantwoordelike raamwerk op alle vlakke van funksionering met siek en gesonde pasiënte/kliënte te kommunikeer.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids			
<b>Modulekode:</b> NUTC221	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 6 <b>Krediete:</b> 8		
<b>Titel:</b>	Inleiding tot gemeeskapsvoeding			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Na voltooiing van die module moet die student in staat wees tot :</li> <li>• Breedvoerige kennis van nasionale voedingsverwante beleide en programme, insluitend die Geïntegreerde Voedingsprogram (GVP);</li> <li>• omvattende kennis en begrip van voedsel- en voedingsekerheid asook voedings-bevordering;</li> <li>• 'n vermoë om verskillende interkulturele dieetpatrone en voedselgewoontes in Suid-Afrikaanse gemeenskappe te evalueer;</li> <li>• die vermoë om voedingsprobleme binne 'n gemeenskap te assesseer en te ontleed;</li> <li>• die vermoë om doeltreffend in span te kan werk en 'n eties verantwoordelike benadering te toon ten einde die uitkomste wat op hierdie module van toepassing is, te bereik.</li> </ul>				
<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds			
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids			
<b>Modulekode:</b> NUTC321	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 7 <b>Krediete:</b> 8		
<b>Titel:</b>	Gemeeskapsvoeding			
<b>Module-uitkomste:</b>				
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:				
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Na voltooiing van die module moet die student in staat wees tot:</li> <li>• Geïntegreerde kennis en begrip van die viervoudige druk van ondervoeding, oorvoeding, aansteeklike siektes en beserings in Suid-Afrika, ten einde sodanige kennis en begrip as lid van 'n multidissiplinêre span op die gebied van openbare gesondheid te beoordeel en toe te pas;</li> <li>• die vermoë om wetenskaplike metodes van dietekundige assessering te identifiseer, te evalueer en toe te pas om navorsing te beoordeel, ten einde wanvoeding te bepaal en om as gids te dien vir voedingsbeleid en -programme om die stand van voeding van gemeenskappe te verbeter;</li> <li>• effektiewe probleemplossing, deur identifisering, ontleding, kritiese besinning oor en aanpak van ingewikkelde probleme wat met wanvoeding in SA gemeenskappe verband hou, en toepassing van oplossings wat op bewyse gegrond is binne die konteks van die dietekundige verandering;</li> <li>• weerspieëeling van alle waardes, etiese gedrag en geregverdigde besluitneming wat gepas is vir die praktyk van gemeeskapsvoeding, deur gebruikmaking van beskikbare hulpronne op 'n verantwoordelike wyse;</li> <li>• akkurate en samehangende geskrewe en mondelige kommunikasie van tersaakklike en kritiese dietekundige inligting aan die publiek deur middel van geskikte dog verstaanbare professionele redevoering terwyl gemeenskappe oor die belangrikheid van gesondheids-kwessies onderrig</li> </ul>				

word.						
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids					
<b>Modulekode:</b> <b>NUTC471</b>	<b>Semester 1 &amp; 2</b>		<b>NKR-Vlak: 8</b> <b>Krediete: 32</b>			
<b>Titel:</b>	Gemeeskapsvoedingpraktyk					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Geïntegreerde kennis van die voedingsbehoeftes van groepe en individue binne die gemeenskap, asook 'n kritiese begrip en toepassing van voedingverwante beleide en die Geïntegreerde Voedingsprogram;</li> <li>• 'n vermoë om 'n reeks verskillende maar geskikte praktiese vaardighede toe te pas om inligting te versamel ten einde ingewikkeld situasies en probleme rakende voeding binne kwesbare groepe en individue in die gemeenskap krities te evalueer met die doel om gemotiveerde verbeteringe voor te stel;</li> <li>• die vermoë om wetenskaplike metodes te kies en toe te pas om gefokusde voedingverwante navorsing in die gemeenskap te doen, om die inligting krities te beoordeel en te integreer, en om geskikte intervensies aan te beveel;</li> <li>• 'n eties verantwoordelike benadering tot die bestuur en implementering van gemeenskapsvoedingsdienste.</li> </ul>						
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids					
<b>Modulekode:</b> <b>NUTF221</b>	<b>Semester 2</b>		<b>NKR-Vlak: 6</b> <b>Krediete: 12</b>			
<b>Titel:</b>	Voedseldiensbestuur: Aspekte van bestuur					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Vanuit die perspektief van 'n gevestigde etiese waardestelsel, bewys te lewer van grondige kennis en praktiese vaardighede met betrekking tot bestuur en leierskap as kritiese elemente van die transformasieproses, beide individueel en as deel van 'n span;</li> <li>• ingewikkelde egte situasies en probleme verbandhouend met mensehulpbronbestuur, produktiwiteit en die begrotingsproses, werkverrigting en finansiële bestuur binne die VDE te kan identifiseer, ontleed, beoordeel, en aanbevelings maak of oplossings kan bied;</li> <li>• wetenskaplike inligting te versamel, te beoordeel en te integreer in 'n verslag wat met die toepaslike formate en konvensies van die vakgebied ooreenstem, en dit ook deur middel van die toepaslike IT mondelings aan 'n gehoor kan oordra..</li> </ul>						
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds					
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids					
<b>Modulekode:</b> <b>NUTF321</b>	<b>Semester 2</b>		<b>NKR-Vlak: 7</b> <b>Krediete: 16</b>			
<b>Titel:</b>	Voedseldiensbestuur: Sisteme en grootskaalse produksie					
<b>Module-uitkomste:</b>						
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:						
<ul style="list-style-type: none"> <li>• beide as individu en as lid van 'n span, vanuit 'n gevestigde etiese waardesysteem geïntegreerde kennis en praktiese vaardighede te demonstreer ten opsigte van voedselvoorsiening as kritiese element in die transformasieproses wat die volgende insluit: beskikbaarheid van voedsel, verspreiding van maaltye, aankope, ontvangs en produksie;</li> <li>• komplekse situasies en probleme wat verband hou met kontrole, transformasie, uitsette, insette en omgewingsfaktore in die VDE te kan identifiseer, analiseer, evalueer (krities reflekteer) en in verslagvorm aanbevelings maak of bewys-gebaseerde oplossings daarvoor bied deur middel van teorie-gedreve argumente; en</li> <li>• as individu of as lid van 'n span, relevante wetenskaplike inligting te kan insamel, evalueer en aanbied (kommunikeer), deur die integrasie van goed gestruktureerde argumente en 'n bewustheid van die kliënt se behoeftes en kulturele agtergrond, in die opstel en uitvoering van spyskaarte vir gesonde en siek mense..</li> </ul>						

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids	
<b>Modulekode:</b> <b>NUTF471</b>	<b>Semester 1 &amp; 2</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b> <b>Krediete: 32</b>
<b>Titel:</b>	Voedseldiensbestuur in praktyk	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- Omvattende en sistematiese kennis van voedselveiligheid as kritiese element in die transformasieproses (beskikbaarheid van voedsel, verspreiding van maaltye, aankope, ontvangs en produksie) te kan demonstreer;
- Komplekse situasies en probleme wat verband hou met menslike hulpbronbestuur, produktiwiteit, begrotingsproses, werkverrigting en finansiële bestuur in die VDE te kan identifiseer, analyseer en evalueer deur die gebruik van 'n verskeidenheid gespesialiseerde vaardighede;
- As individu of as lid van 'n span in lewensgetroue situasies in die VDE die generiese aspekte van bestuur (leierskap, beplanning, implementering, delegering en evaluering) te ken en kan implementeer as bestuurder van die afdeling; en
- Op 'n etiese verantwoordbare wyse op alle vlakke met siek en gesonde kliënte, asook werknemers, te kan kommunikeer en op grond van kritiese refleksie oor die toepaslikheid van verskillende etiese waardesisteme op die area van voedseldiensbestuur, etiese kwessies kan identifiseer en aanspreek.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids	
<b>Modulekode:</b> <b>NUTP271</b>	<b>Semester 1 &amp; 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b> <b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Voedingpraktyk II	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees tot:

- 'n Basiese, praktiese begrip van hoe die dieetkundige binne die verskeie velde van voeding funksioneer, asook die vermoë om aan toepaslike, voedingverwante aktiwiteite deel te neem;
- 'n basiese, praktiese begrip van die dieetkundige konsultasieproses soos by Ingryp Kampuskliniek waargeneem, gepaardgaande met die vermoë om geskikte tegnieke toe te pas om hierdie pasiënte se antropometriese status te meet en om hulle voedselinname aan te teken en te ontleed deur van geskikte tegnieke en gereedskap gebruik te maak;
- 'n vermoë om op 'n respektvolle, verantwoordelike en professionele wyse in wisselwerking met pasiënte en personeellede van die gesondheidsberoepespan te wees.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids	
<b>Modulekode:</b> <b>NUTP371</b>	<b>Semester 1 &amp; 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Voedingpraktyk III	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- 'n Geïntegreerde, praktiese kennis van hoe die dieetkundige binne die verskillende gebiede van voeding funksioneer, asook die vermoë om aan toepaslike, voedingverwante aktiwiteite deel te neem;
- 'n vermoë om 'n hospitaalgebaseerde, dieetkundige konsultasie uit te voer deur die basiese beginnels om die stand van voeding te assesseer, akkuraat toe te pas;
- 'n vermoë om op 'n respektvolle, verantwoordelike en professionele wyse in wisselwerking met pasiënte en personeellede van die gesondheidsberoepespan te wees;
- 'n vermoë om 'n pasiënt se geval op 'n oordeelkundige en professionele wyse aan klasmaats, lektore en dieetkundiges te bekend te stel met die dieetkundige diagnose, realistiese dieetkundige doelwitte, en planne vir geskikte intervensies/ingrepe, om sodende oefen om 'n pasiënt dieetkundig te bestuur en om betekenisvolle bydraes gedurende multidissiplinêre saalrondes te maak.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids		
<b>Modulekode:</b> <b>NUTR321</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>	<b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Voedingnavorsing metodologie		

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- Geïntegreerde kennis en begrip van die navorsingsproses op die gebied van voeding;
- vermoë om ingewikkelde voedingverwante sake te identifiseer, te ontleed, krities daaroor na te dink en dit aan te pak op grond van argumente wat op bewyse berus;
- weerspieëeling van alle waardes, etiese gedrag en verantwoordbare besluitneming wat op die praktyk van voedingnavorsing van toepassing is.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids		
<b>Modulekode:</b> <b>NUTR471</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b>	<b>Krediete: 32</b>
<b>Titel:</b>	Voedingnavorsing		

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- Die vermoë om veelvuldige bronne krities te ondersoek ten einde 'n belangrike navorsingsvraag te kies, te evalueer, en dan te ondersoek;
- 'n vermoë om gesikte wetenskaplike metodes om inligting in te win, toe te pas om 'n belangrike navorsingsprobleem op die gebied van voeding aan te pak en op te los;
- doeltreffende funksionering in 'n span binne 'n voedingnavorsingsomgewing, en bewyslewering van logiese en kritiese begrip van die rolle van alle rollspelers, en aanvaarding van verantwoordelikheid vir die uitkomste van 'n taak;
- akkurate en samehangende aanbieding van navorsingsresultate op 'n akademies gegrondte en professionele wyse.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids		
<b>Modulekode:</b> <b>NUTT311</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>	<b>Krediete: 24</b>
<b>Titel:</b>	Voeding: lewenstylsiektes toestande vir dieetkunde		

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- Selfversekerheid te toon rakende die aard, etiologie, simptome, kliniese beeld, patologie, diagnoses van en medikasie vir siektes met dieetkundige implikasies;
- gevallestudies te beoordeel om teoreties en prakties bewys te lever van vaardighede betreffende die verband tussen siektes, medisyne, die spysverteringsstelsel en die wisselwerking van voedingstowwe;
- 'n dieet te ontwikkel of aan te pas ten einde 'n toepaslike siekte te monitor of te beheer;
- die waarde van 'n spesiaal ontwerpde dieet in die prognose en beheer van spesifieke siektes te kan motiveer en beoordeel;
- vanuit 'n eties verantwoordelike raamwerk op alle vlakke van werkverrigting met siek en gesonde pasiënte/kliënte te kan kommunikeer.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids		
<b>Modulekode:</b> <b>NUTT321</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>	<b>Krediete: 24</b>
<b>Titel:</b>	Terapeutiese voeding		

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- Oor 'n afgeronde en sistematiese grondslag van kennis te beskik oor alle aspekte rakende die stand van spesifieke siektes met dieetkundige implikasies;

- gevallestudies te ontleed ten einde bewys van u kundigheid te lewer, op 'n praktiese asook teoretiese wyse, met betrekking tot dieetkundige ondersteuning, trauma, en die verband tussen die stand van siektes en die wisselwerking van voedingstowwe;
- 'n dieetkundige versorgingsplan saam te stel waarin u die vermoë toon om dieetkundige assessoringsdata te ontleed, te integreer en te interpreteer ten einde voedingverwante probleme te diagnoseer en te identifiseer, asook dat u 'n strategie kan beplan om die aangetoonde probleme aan te pak;
- pasiënte/kliënte op 'n etiese en professionele wyse te behandel en met hulle te kommunikeer.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids	
<b>Modulekode:</b> <b>NUTT322</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b> <b>Krediete: 8</b>
<b>Titel:</b>	Pediatriese terapeutiese voeding	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- Oor 'n afgeronde en sistematiese grondslag van kennis te beskik oor alle aspekte rakende die stand van spesifieke siektes met dieetkundige implikasies vir pediatriese pasiënte;
- gevallestudies te ontleed om op 'n praktiese asook teoretiese wyse van u kundigheid bewys te lewer met betrekking tot dieetkundige ondersteuning, en die verband tussen die stand van spesifieke siektes en die wisselwerking van voedingstowwe in pediatriese pasiënte;
- 'n dieetkundige versorgingsplan saam te stel waarin u die vermoë om dieetkundige assessoringsdata te ontleed, te integreer en te interpreteer ten einde voedingverwante probleme te diagnoseer en te identifiseer, aantoon, asook 'n strategie kan beplan om die aangetoonde probleme aan te pak.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids	
<b>Modulekode:</b> <b>NUTT471</b>	<b>Semester 1 &amp; 2</b>	<b>NKR-Vlak: 8</b> <b>Krediete: 40</b>
<b>Titel:</b>	Toegepaste terapeutiese voeding	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- Kennis dra van die aard, etiologie, simptome, kliniese verskynsels, patofisiologie, diagnose van en medikasie vir spesifieke siektes met dieetkundige implikasies;
- bewys lewer van die vermoë om die stand van voeding van pasiënte in die hospitaalopset te assesseer;
- bewys lewer van die vermoë om demografiese, sosio-ekonomiese, antropometriese, biochemiese, kliniese en dieetkundige gegewens te ontleed en te vertolk ten einde dieetkundige en gesondheidverwante risiko's en probleme te identifiseer;
- bewys lewer van die vermoë om 'n dieetkundige diagnose te formuleer, gebaseer op die geskikte metodes van voedingsassessering en 'n begrip van die verband tussen siektes van die verskillende organe, immuunstelsel en wisselwerking van voedingstowwe;
- 'n dieetkundige versorgingsplan vir die beheer van toepaslike siektes of toestande binne die hospitaalopset bedink of wysig en implementeer;
- bewys lewer van die vermoë om die implementering van die dieetkundige versorgingsplan te monitor en om probleme met die implementering te identifiseer en op te los;
- bewys lewer van die vermoë om doeltreffend met individuele pasiënte asook groepe te kommunikeer.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Sien studiegids	
<b>Modulekode:</b> <b>PSYC111</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5a(5)</b> <b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Inleiding tot Psigologie	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- 'n fundamentele kennisbasis van basiese menslike funksionering, insluitende biologiese,

- kognitiewe, emosionele en motiveringsprosesse, sowel as hulle samehang, menslike- en persoonlikheidsontwikkeling, en die wyse waarop dit vergestalt in abnormale gedrag en optimale menslike funksionering te demonstreer;
- 'n begrip vir basiese aspekte van menslike funksionering in die self en ander mense in goed gedefinieerde situasies in die onderrigkonteks te kan demonstreer; en
  - 'n verhoogde bewustheid en sensitiwiteit vir basiese menslike funksionering in die eie en ander se funksionering in 'n multikulturele konteks te demonstrer, deur middel van 'n refleksieve dagboek, sowel as die toepassing van relevante literatuur op 'n geïntegreerde wyse in 'n individuele, geskrewe opdrag en mondelinge plakkaat-voordrag.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 2 uur; 1 : 1	
<b>Modulekode: PSYC211</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5a(5)</b> <b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Sosiale en gemeenskappsigologie	

#### **Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- 'n fundamentele kennis van en insig in die perspektiewe en teorieë waarop die sosiale en gemeenskappsigologie gebaseer is en 'n ingeligte begrip van die konsepte en terminologieë te kan demonstrer sodat jy dit kan toepas op goed-gedefinieerde probleme of gevallenstudies soos armoede, konstante verandering, menseregte, magsmis-bruk, korrumptie, rassisme, vreemdelinge-haat, ensomeer, binne 'n multikulturele konteks en 'n begrip vir hulle samehang;
- inligtingsverkrygings- en verwerkingsvaardighede te demonstrer vir die skryf van take binne die konteks van die sosiale en gemeenskappsigologie op individuele of in groepverband;
- gevallenstudies, voorbeelde of probleemsituasies en oplossings, individueel of in groepverband, te analiseer en te evaluateer en in die vorm van 'n verslag of werkstuk, verbaal of skriftelik te kan weergee binne voorgeskrewe konvensies en formate; en
- in alle vorme van kommunikasie en interaksie 'n gevinstigde houding en etiese sisteem teenoor mense te demonstrer.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 2 uur; 1 : 1	
<b>Modulekode: PSYC211</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Ontwikkelingspsigologie	

#### **Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- 'n deeglike kennisbasis van die fisiese, kognitiewe, sosiale, morele en persoonlikheidsontwikkeling van mense in elke stadium van die lewensiklus te kan vorm;
- 'n deeglike begrip van standpunte oor die aard van die mens, konsepte, teorieë en kernterminologieë wat gebruik word in die Ontwikkelingspsigologie te kan demonstrer om so inligting betroubaar, samehangend en eties-korrekt te kan kommunikeer in assesseringsopdragte;
- inligting oor menslike ontwikkeling krities te kan evaluateer, analiseer en sintetiseer om so gesimuleerde probleme, individueel of in groep, te kan oplos; en
- 'n deeglike begrip van akademiese diskourse oor die impak wat diverse kontekste soos armoede, wanvoeding, oor-populasie, geografiese omstandighede, diskriminasie en ontoereikende sosiale en fisiese stimulasie op menslike ontwikkeling het, te verkry.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 3 uur; 1 : 1	
<b>Modulekode: PSYC212</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Persoonlikheidpsigologie	

#### **Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- 'n grondige kennisbasis met toepaslike insig te demonstrer
  - van verskillende, meta-teoretiese werklikheds- en lewenstandpunte, wat relevant is aan

menslike funksionering en denkraamwerke van persoonlikheid byvoorbeeld psigodinamika, humanistiese en eko-sistemiese;

- in staat te wees om die inhoud en toepassingsmoontlikhede van persoonlikheidsteorieë en persoonlikheidspsigologie te kan verduidelik, beredeneer, aan die hand van gepaste literatuur te staaf en skriftelik sowel as mondeling te kommunikeer deur die integrasie van die basis van wetenskaplike metodes en etiese beginsels; en
- goedgedefinieerde, opkomende werklike probleme, situasies en gevallenstudies te kan analyseer deur die mees toepaslike procedures en tegnieke eie aan die persoonlikheidpsigologie te gebruik om die gedrag vanuit die persoonlikheidsteorieë te verklar, vergelyk en moontlike oplossings te beredeneer en weer te gee in 'n samehangende/logiese en betroubare verslag.

<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 3 uur; 1 : 1	
<b>Modulekode: PSYC221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Positiewe Psigologie	

#### **Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- 'n gevestigde kennisbasis van
  - a) die skuif van die tradisionele patogene paradigma na die salutogene perspektiewe van menslike funksionering en vandaar na 'n gebalanseerde perspektief op welsyn van patologie tot "flourishing" asook die implikasies daarvan vir openbare gesondheid
  - b) Positiewe Sielkunde/Psigofortologie as beweging binne die veld van Sielkunde, asook 'n goeie begrip van die belangrike konsepte, reëls, beginsels en teorieë wat verband hou met psigologiese gesondheid te demonstreer, ten einde dit toe te pas op die identifisering en fasilitering van die eie en ander se funksionering in 'n multikulturele konteks;
- die vermoë demonstreer om goed-gedefinieerde, maar onbekende probleme wat verband hou met psigologiese en psigososiale gesondheid op te los, deur gebruik te maak van toepaslike procedures en goeie bewyse vanuit 'n kritiese analise van verskillende teorieë binne Positiewe Sielkunde/Psigofortologie, asook om die inligting op 'n betroubare en koherente wyse, beide verbaal en skriftelik te kommunikeer, en sodoende bewys te lewer van effektiewe en kritiese beredenering; en
- jou kennis en insig in Positiewe Sielkunde/ Psigofortologie op moreel-etiese en kultuur sensitiewe wyse aan te wend op beide individuele en sosiale vlak met 'n sensitiviteit vir onder andere die kolletiwistiese en individualistiese waardesisteme.

<b>Metode van aflewing:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 3 uur; 1 : 1	
<b>Modulekode: PSYC311</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Psigopatologie	

#### **Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- 'n afgeronde en sistematiese kennis van psigologiese versteurings, in die konteks van 'n biopsigososiale model, in'n multi-kulturele konteks te kan demonstreer;
- 'n samehangende en kritiese begrip van die relevante konsepte en terminologieë, teorieë, en prosesse en tegnieke van die psigopatologie toepaslik binne die professionele konteks te kan toon sodat jy dit kan toepas binne ongedefinieerde en meer komplekse probleem-situasies soos voorkom in gevallenstudies;
- 'n begrip te toon van patologie en intervensies in die konteks van primêre, sekondêre en tersiêre gesondheidsorg;
- inligtingsverkrygings- en verwerkingsvaardighede te demonstreer vir die afhandeling van skriftelike opdragte;
- gevallenstudies of voorbeeldlike krities individueel en in groepsverband te kan analyseer en 'n eie geïntegreerde opinie gebaseer op teoretiese begronding te lewer en in verslagvorm te kommunikeer volgens die voorgeskrewe konvensies van die vak; en
- in alle vorme van kommunikasie en interaksie 'n gevestigde waardesisteem en etiese gedragsskode te kan demonstreer.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 3 uur; 1 : 1	
<b>Modulekode: PSYC312</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Navorsing en Psigometrie	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- die aard en prosesse van psigologiese evaluering te verduidelik soos dit ingebed is in die verskillende perspektiewe op werklikheid en menslike funksionering;
- die basiese eienskappe en tegniese vereistes van psigologiese toetse te ken, en te kan verduidelik en evaluateer (verbaal en skriftelik) hoe toetse en toetsnorms ontwikkel word; en
- die bruikbaarheid van psigologiese toetse te evaluateer aan die hand van hulle psigometriese eienskappe met inagneming van die etiese aspekte;
- die beheer en die gebruik van assessoringsmeetmiddels te verduidelik in diverse populasies deur die gebruik van die gepaste standaarde en norme;
- 'n samehangende en ingeligte begrip van die navorsingsproses te demonstreer vir beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing teen die agtergrond van die perspektiewe op die werklikheid;
- inligting van beide virtuele en ander bronne onafhanklik te verkry en te sintetiseer vir die voltooiing van take soos werkopdragte en projekte; en
- navorsingsartikels krities te analyseer en evaluateer, 'n onafhanklike opinie te formuleer, gebaseer op stawende teorieë en 'n verslag te skryf, gebaseer op die APA konvensies.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 3 uur; 1 : 1	
<b>Modulekode: PSYC321</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Basiese hulpverlening en etiese gedrag	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- 'n grondige kennis van 'n algemene model, die terapeutiese proses, tipiese hulpverleningsvaardighede, 'n paar geselekteerde toepassingsveldle (byvoorbeeld vigs- en post-traumatische stressvoortligting ) en die etiese kode van hulpverlening te kan demonstreer en 'n samehangende en kritiese begrip van die relevante konsepte, beginsels en teorië van die terrein te toon sodat jy dit kan toepas binne ongedefinieerde komplekse probleemsituasies en etiese vraagstukke soos voorkom in gevallenstudies;
- gevallenstudies of voorbeeldiese krities individuel en in groepsverband te kan analyseer en 'n eie opinie gebaseer op teoretiese begronding te lewer en in verslagvorm te kommunikeer volgens die voorgeskrewe konvensies van die vak; en
- in alle vorme van kommunikasie en interaksie 'n gevestigde waardestelsel en etiese gedragskode te kan demonstreer met 'n bewustheid van menseregte problematiek.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 3 uur; 1 : 1	
<b>Modulekode: PSYC322</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6(7)</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Toegepaste Psigologie	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- 'n afgeronde en sistematiese kennis-basis van menslike funksionering op alle vlakke van menslike ontwikkeling in 'n multi-kulturele konteks te kan demonstreer en dit te kan fasiliteer op 'n geïntegreerde vlak in praktyk of gesimuleerde situasies;
- 'n kritiese begrip van perspektiewe op menslike funksionering vanuit 'n eie, koherente wêreldeskouing te kan demonstreer;
- effektiwe seleksie en toepassingsprosedures vir die insameling van kwantitatiewe en kwantitatiewe inligting te kan demonstreer en dit te kan integreer om so jou vermoë te kan illustreer om onbekende, konkrete en/of abstrakte probleme op te los deur gebruik te maak van

- getuienis-gebaseerde oplossings en teorie-gedrewe argumente;
- 'n vaste waardesisteme en etiese optrede te kan demonstreer in alle vorme van kommunikasie en interaksie; en
  - die voorgeskrewe formaat, wat toepaslik is in die Psigologie, te kan demonstreer in alle vorme van kommunikasie.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 3 uur; 1 : 1	
<b>Modulekode:</b> <b>RKKX113</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5a(5)</b> <b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Inleiding tot Rekreasiekunde	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- basiese/fundamentele kennis van die historiese ontwikkeling van rekreasie, die status van rekreasie-voorsiening binne Suid-Afrika en ook rekreasie-strukture binne Suid-Afrika te kan weergee;
- doeltreffende en doelmatige vaardighede rakende die rol van die rekreasiekundige binne die hedendaagse samelewing te demonstreer;
- 'n samehangende en kritiese begrip van die sosiale, psigologiese, fisiese en omgewingsvoordele van rekreasie-deelname asook van die verskillende programareas en -formate te toon;
- 'n eties verantwoordbare houding jeens die verskillende vorme van rekreasie te openbaar en by ander te stimuleer.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50	
<b>Modulekode:</b> <b>RKKX123</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5a(5)</b> <b>Krediete: 12</b>
<b>Titel:</b>	Inleiding tot Buitelugrekreasie	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- basiese/fundamentele kennis van die historiese ontwikkeling van buitelugrekreasie kritis te kan weergee;
- doeltreffende en doelmatige evalueringsvaardighede te demonstreer om bekende probleme met betrekking tot veiligheidsbestuur op 'n verantwoordbare wyse op te los;
- 'n samehangende en kritiese begrip van die filosofiese fondasies en hoekstene van buitelugrekreasie te toon;
- op 'n eties verantwoordbare wyse buitelugrekreasiedienste te kan lewer.

<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	50 : 50	
<b>Modulekode:</b> <b>RKKX214</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5b(6)</b> <b>Krediete: 16</b>
<b>Titel:</b>	Rekreasie Leierskap	

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- grondige kennis rakende rekreasie leierskap, insluitende leierskapsteorieë en -tegnieke te demonstreer;
- praktiese leierskapsvaardighede toe te pas tydens die leiding van verskillende teikengroep;
